



2022

Gids vir **NUWELINGE**

www.sun.ac.za/welkom



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

STOOR HIERDIE NOMMERS OP JOU SELFOON

NOODNOMMERS VIR STUDENTE
OP DIE STELLENBOSCH-KAMPUS

SSVO-24-uur-krisisdienst	010 205 3032 / 082 557 0880
Studentegemeenskappe (SSG)	021 808 3064
RISIKOBESTUUR EN KAMPUSSEKURITEIT	
Beheersentrum vir algemene navrae en die aanmeld van risiko's	021 808 4666
24-uur-noodlyn vir die rapportering van gevaar en ernstige voorvalle	021 808 2333
Die Ombudspersoon	082 807 2994
Polisieblitspatrolie	10111
Ambulans	084 124 (ER24) 082 911 (Netcare)
Mediclinic se noodeenheid (24-uur)	021 861 2000

BELANGRIKE NOMMERS:
STELLENBOSCH-KAMPUS

Algemene navrae / Kliëntediens	021 808 9111
Akademiese Belangeraad (ABR)	021 808 2493/2491
Beurse en lenings	021 808 9111
Biblioteeknavrae	021 808 4380
Connect-kantoor	021 808 3632
Fasiliteitsbestuur	021 808 4666
Kaapse Instituut vir Landbouopleiding: Elsenburg	021 808 5453
Kampusgesondheidsdienste	021 808 3494/3496
Korporatiewe Kommunikasie	021 808 4977
Maatskaplike werker	021 808 4994
Maties Sport	021 808 4642
Ombudspersoon	082 807 2994
Primkomitee	021 808 2493/2491
Risikobestuur en kampussekuriteit	021 808 4666
Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG)	021 808 3064
Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSEOB)	021 808 2312
Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO)	021 808 4707
Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSWL)	021 808 4709
Studentegelde	021 808 4521
Studentesake	021 808 4585
Studenteraad (Stellenbosch)	021 808 2493/2491
Taalsentrum	021 808 2167
Toelating	021 808 9111
US Gimnasium	021 808 9133
Verenigingsraad	021 808 2493/2491

NOODNOMMERS VIR STUDENTE
OP DIE TYGERBERG-KAMPUS

Maties ER24 (ambulans of berader)	010 205 3032
Studentesake	021 938 9461
Risikodienste en kampussekuriteit	021 938 9507
Die Ombudspersoon	082 807 2994
Polisieblitspatrolie	10111
Gifinligtingsentrum	086 155 5777
Tygerberg-hospitaal	021 938 4911

BELANGRIKE NOMMERS:
TYGERBERG-KAMPUS

Alle navrae	021 938 9111
Adjunkregistrator	021 938 9379
Akademiese Belangeraad (TABR)	021 938 9591
Bemarkingskantoor	021 938 9202
Beurse en lenings	021 938 9458/9129
Biblioteeknavrae	021 938 9368
Kampusgesondheidsdienste	021 938 9590
Maties Sport	021 938 9468
Ombudspersoon	082 807 2994
Risikobestuur en kampussekuriteit	021 938 9507
Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO)	021 938 9590
Tygerberg-gimnasium	021 932 2888
Tygerberg-hospitaal	021 938 4911
Primkomitee	021 938 9591
Studentesake	021 938 9789
Studenteraad (Tygerberg)	021 938 9591
Toelating	021 938 9580



INHOUD

WELKOM, NUWE MATIES!	2
Die Universiteit Stellenbosch se bestuurspan (Rektoraat)	3
Welkom	5
Wat is 'n kluster?	6
Privaat Studente-Organisasie & PSO-vervoerdienste tydens verwelkoming	7
Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding & Burgerskap	8
Covid-19	9
Ontmoet die Studenteraad 2021/2022	10
Tygerberg Studenteraad (TSR)	12
Tygerberg Akademiese Belangeraad (TABR) & Militêre Akademie Studenteraad (MASR)	14
Akademiese Belangeraad (ABR)	15
Akademiese Belangeraad (ABR) 2021/2022	16
Tygerberg Nagraadse Studenteraad (TNSR)	17
Tygerberg Primkomitee (TPK)	18
Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO)	19
Kampusgesondheidsdiens (KGD)	21
Taal aan die Universiteit Stellenbosch	22
Jou leerreis na akademiese sukses begin hier	23
Studente met gestremdhede	24
Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG)	25
Die US se waardes en dissiplinêre kode vir studente	26
Belangrike kennisgewing oor sosiale media & Versekering: Studente en hulle eiendom & Gratis skryfadvies	27
Universiteit Stellenbosch Ko-Kurrikulêre Ondersteuningsfonds (USKOF) & Verwelkomingsambassadeurs	28
Voorregistrasie-klaring (verifikasie) van internasionale graadstudente & Biblioteek	29
Maties Sport	30
Maties Gimnasium	31
Rekenaargebruikersareas (RGA's)	32
RGA-inligting & Neem jou veiligheid ernstig op	33
Twee maniere om as 'n student te registreer	35
Verlengde graadprogramme (VGP's) & Aanlyn aanboordprogram	37
Tygerberg-kampuskaart	39
Stellenbosch-kampuskaart	E40
Stellenbosch-kampuskaart – indeks	E41



@stellenboschuni – @sustudentaffairs

Uitgegee deur die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, met die samewerking van die Afdeling Studentesake, Universiteit Stellenbosch

REDAKTEUR: Ayanda Ntuli
 INHOUDSREDAKTEUR: Audrey Poole
 ONTWERP: Euné van der Walt
 DRUKWERK: African Sun Media

WELKOM, NUWE MATIES!

Beste nuwelingstudent

Welkom by die Universiteit Stellenbosch!

Jy is aan die beginpunt van 'n nuwe hoofstuk in jou lewe. Dit is normaal om onseker te wees, en jy mag dalk ook oorweldig voel deur van die struikelblokke wat lê en wag op hierdie nuwe reis. Maar ek weet jy sal vinnig aanpas en dan binnekort die Universiteit Stellenbosch (US) as jou nuwe tuiste aanneem.

Die meeste van julle het hoërskool in 2021 voltooi, en boonop in buitengewone omstandighede. Baie geluk hiermee. Jy het hard gewerk, volhard, die eindeksamen geslaag, en nou is jy op die punt om 'n Matie te word. Dit is geen geringe prestasie nie, so welgedaan!

Die afgelope twee jaar was rof, en jou hoërskool-ervaring het aansienlik verskil van studente wat voor Covid-19 gematrikuleer het. En hoewel die pandemie steeds 'n impak gaan hê op ons doen en late vir die voorsienbare toekoms, is ons ook opgewonde om studente op ons kampusse te verwelkom. Uit die aard van die saak sal ons steeds al die nodige protokolle volg om die gesondheid en veiligheid van ons personeel en studente te verseker, en die US sal die Covid-19-situasie deurgaans monitor.

Die US is 'n residensiële universiteit, en ons besef 'n universiteitservaring gaan oor veel meer gaan as net klas loop en eksamens skryf. Dit is dikwels die sosiale ontmoetings wat jou lewenspad vorm. En dit is verrykend om dit alles in persoon te ervaar. Jy gaan vriende maak met mense uit verskillende lewenssterreine; af en toe gaan jy in omgewings wees wat jou uit jou gemaksones gaan neem; en jy gaan hoogtepunte, laagtepunte en alles tussenin ervaar. Sien dié vreugdes en uitdagings as geleenthede om te groei en leer.

Onthou wel dat jy in die eerste plek by Maties is om 'n akademiese kwalifikasie te verwerf. Ons oorhoofse prioriteite vir 2022 is dieselfde as vorige jare: Om die akademiese projek te laat slaag, en volhoubaar te bly as 'n toonaangewende hoërsonderwysinstelling nie net op ons vasteland nie, maar ook in die wêreld.

Jy het jouself dalk reeds vertrou gemaak met die inskakelingsprogram wat ons aanlyn bekend gestel het. Hierdie program stel jou bekend aan die US en sal jou help om jou voete te vind en voor te berei vir jou studies en die unieke studente-ervaring wat voortlê op kampus. Daardie ervaring begin met ons bekende jaarlikse verwelkomingsprogram.

Ons sal alles moontlik doen om jou kennismaking met die kampuslewe spesiaal en onvergeetlik te maak. Hou www.sun.ac.za/welcome dop vir die jongste verwikkelinge en program.

Van nou af sal jy toegang hê tot verskeie steundienste by die **Afdeling Studentesake**. Die personeel en studente hier is gereed om jou elke tree van die pad by te staan. Maak gerus gebruik van hul dienste om jou tyd op universiteit ten volle te benut en te geniet.

En as jy enige hulp in die komende weke en maande benodig, reik uit en vra. Onthou, jy is nie alleen hier nie. By Maties beweeg ons saam vorentoe.



Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier



SKANDEER HIER

DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH BESTUURSPAN (REKTORAAT)

Die Rektroraat is verantwoordelik vir die dag-tot-dag operasionele bestuur van die Universiteit. Die Rektroraat bestaan wesenlik uit die Rektor, Bedryfshoof en Viserektore, wat verantwoordelik is vir die kernfunksies van die instelling. Die Vise-rektore is onderskeidelik verantwoordelik vir Leer en Onderrig; Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies; Sosiale Impak, Transformasie en Personeel; en Strategie, Globale en Korporatiewe Sake. Die Registrateur sien toe dat die Universiteit se akademiese administrasie vlot verloop. Die Rektor kan volgens behoefte senior personeel benoem om die vergaderings van die Rektroraat by te woon en die werksaamhede van die Rektroraat te ondersteun. Die Algemene Bestuurdersvergadering (ABV) bestaan uit die lede van die Rektroraat, die dekan van die tien fakulteite, die Registrateur asook hoof- en senior direkteure van die onderskeie steundiensafdelings. Sake van akademiese en administratiewe belang word deur die ABV bespreek en die lede vervul ook 'n adviserende rol vir die Rektroraat.



Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier



Prof Stan du Plessis
Uitvoerende Bedryfshoof



Prof Deresh Ramjugernath
Viserektor: Leer en Onderrig



Prof Eugene Cloete
Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies



Prof Nico Koopman
Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel



Prof Hester Klopper
Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake



Mnr Mohamed Shaikh
Uitvoerende Bestuurder: Rektroraat



Dr Ronel Retief
Registrateur

GELUK MET JOU TOELATING TOT DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH!

Ons weet jy kom nie hierheen net om 'n graad te verwerf nie, maar ook om hierdie opwindende tydperk van jou lewe ten volle te geniet. Ons sien uit daarna om jou hier te ontvang. Lees gerus deur hierdie dokument om 'n idee te kry van wat jy op Stellenbosch kan verwag wanneer jy op kampus aankom.

HOEKOM HET ONS 'N VERWELKOMINGSPROGRAM?

Die verwelkomingsprogram stel jou bekend aan jou koshuis, Privaat Studente-Organisasie (PSO), kluster en fakulteit sodat jy sommer vinnig jou voete in jou nuwe omgewing kan vind. Met die bekendstelling aan jou koshuis of PSO-wyk ontmoet jy die gemeenskappe waarvan jy deel kan word. Al sal jy tydens die verwelkoming baie nuwelinge in jou koshuis of PSO-wyk ontmoet, sal jou kluster veral vir jou nuwe wêreld ontsluit en jou aan nog méér nuwelinge blootstel wat moontlik dieselfde waardes en belangstellings as jy het.

Julle sal die fakulteite saam (of aanlyn) besoek, so wanneer jy vir die eerste keer klas toe gaan, sal daar dus reeds 'n paar bekende gesigte wees. Die bekendstelling aan jou fakulteit sal jou toerus vir die begin van jou akademiese loopbaan. Deur jou fakulteit se program noukeurig te volg, verseker jy dat jy reg is vir jou eerste dag van klas. Gebruik gerus die opwindende verwelkomingstyd as 'n geleentheid om krities oor jou omgewing, medestudente en leiers na te dink.

WEES DIE EERSTE OM VRAE SOOS DIE VOLGENDE TE VRA:

- Dra die aktiwiteite op die verwelkomingsprogram by tot jou ontwikkeling en voorbereiding vir die akademiese jaar wat voorlê?
- Stel die verwelkomingsprogram jou aan 'n positiewe omgewing en verhoudings bloot?
- Bied die verwelkomingsprogram jou die kans om jou waardes en belangstellings ten volle uit te leef?
- En veral: Dra die verwelkomingsprogram daartoe by om jou die mens te help maak wat jy nog altyd graag wou wees?

WATTER FAKTORE MAAK DIE UNIVERSITEITSLEWE SO UNIEK?

Noudat jy weet wat om van die verwelkomingsprogram te verwag, moet jy ook weet wat om nié te verwag nie: 'n herhaling van jou skoolervaring. Universiteit is 'n perd van 'n ander kleur. Universiteit gee jou die geleentheid om jou wêreld uit te brei en eindelose moontlikhede te ontdek en te ontgin. Of jy nou pas graad 12 voltooi het of reeds 'n oorbruggingsjaar agter die rug het, wees verseker dat jou universiteitservaring met niks anders vergelyk sal kan word nie. Universiteit is nie net daar om jou akademiese te laat groei nie, maar dit gee jou ook die kans om ander fasette van jou lewe te verken. Hier het jy die vryheid om self jou vriende en rolmodelle te kies, en om aktiwiteite te probeer wat jy dalk nog nooit teëgekom het nie.

Wie weet, dit is dalk net die begin van 'n onvergeetlike ontdekkingsreis! Solank jy bereid is om hard te werk om jou drome te verwesenlik, het jy die potensiaal om enigiets te word wat jy graag wil wees. Hier het jy die geleentheid om jou eie stem te vind sodat jy aan die kritiese gesprekke op kampus kan deelneem.

Teen hierdie tyd het jy seker al baie gehoor van wat ander mense sê jy van jou eerste paar dae op universiteit kan verwag, maar dit is egter jôu kans om jou eie idees oor die verwelkomingstyd te vorm. Onthou, jy hoef nie alles net gedweë te aanvaar nie; dink eerder krities na oor jou ervaring van die verwelkomingsprogram.

HOE KAN JY DIT VIR JOUSELF UNIEK MAAK?

Op Stellenbosch glo ons dat studente ons kennisvennote is. Jou sukses op universiteit is dus ook in jôu hande. Sukses op universiteit beteken egter nie net die suksesvolle voltooiing van jou studie nie, maar ook dat jy as mens gegroei en ontwikkel het.

JY HET DIE KANS OM JOUSELF EN JOU MEDESTUDENTE DIE VOLGENDE KRITIESE VRAE TE VRA:

- Wat is vir jou belangrik?
- Watter aspekte van jouself wil jy die graagste ontwikkel?
- Buiten jou graad, waarmee wil jy eendag hier wegstap?
- Watter bydrae wil jy graag tot jou gemeenskap maak?

JY HOEF NIE TOT 'EENDAG' TE WAG NIE – BEGIN SOMMER VANDAG OM 'N VERSKIL TE MAAK!

Gryp elke geleentheid aan om herinneringe saam met nuwe én ou vriende te skep en nuwe vaardighede aan te leer, selfs buite jou lesinglokale. Verken die wêreld om jou, maar moenie die groter prentjie uit die oog verloor nie. Jou universiteitsjare is nie net die tyd om jou graad te kry of om jou jonkwees te geniet nie, maar dit is ook jou kans om jou grense op 'n verantwoordelike manier te toets en jou horison te verbreed.

Ons hoop jy sien uit na jou tyd by die Universiteit Stellenbosch, want ons is baie opgewonde daaroor om hierdie reis saam met jou aan te pak.

SKANDEER HIER



WAT IS 'N KLUSTER?

Nuwelingsstudente sluit aan by 'n kampus wat in luister-, leer- en leefgemeenskappe (LLL) verdeel is. Al die klusters, koshuise, Privaat Studente-Organisasies (PSO's), mentorgroepe, tutorgroepe sowel as die luister-, leer- en leefhuise vir senior studente maak deel uit van die LLL. Die doel van die LLL is om die buite-klas-ervaring en die binne-klas-ervaring te integreer om akademiese sukses en 'n goed afgeronde opvoeding vir studente te verseker.

KLUSTERS

'n Kluster bestaan uit 'n aantal koshuise en een of twee PSO-gemeenskappe. Klusters speel 'n belangrike rol in die integrasie en ondersteuning van nuwelingsstudente op kampus, en verseker dat studente die Universiteit as 'n plek van omgee en koestering ervaar. Klusters integreer die universiteitservaring van koshuisstudente en studente in private huisvesting. Klusters word toenemend gebruik om die Universiteit te organiseer. Sommige fakulteite gebruik byvoorbeeld klusters as 'n grondslag waarop tutorgroepe vir verskillende vakke ingedeel word. Die koshuise en PSO's behoort tot een van sewe klusters op die Stellenbosch-kampus, of een op die Tygerberg-kampus. Die Senior Leefomgewing vorm die agtste kluster.

MENTORS

Mentors is senior studente wat in koshuise en PSO's aangestel word om nuwelingsstudente te help om by die universiteitslewe aan te pas. Elke nuwelingsstudent kan toegang tot 'n mentor verkry. Die mentor speel reeds tydens die verwelkomingsperiode 'n belangrike rol met algemene hulpverlening wat betref navrae oor die universiteitslewe en psigososiale ondersteuning. Die nuwelingsstudente het ook hierdeur die geleentheid om in te skakel by Universiteit se welweesprogram, wat ten doel het om hul welwees dwarsdeur die jaar te bevorder. Tydens jou aankoms by jou betrokke koshuis of PSO, sal 'n mentor aan jou toegedeel word. Indien 'n mentor nie aan jou toegewys is nie of as jy dalk enige navrae het, kontak gerus die Kliëntediensafdeling by 021 808 9111 of info@sun.ac.za.



SKANDEER HIER

Besoek www.sun.ac.za/welkom vir die programme en nuutste inligting

SAMESTELLING VAN KLUSTERS



SKANDEER HIER

amaMaties

Capri, Equité, Erica, Helderberg, Huis Neethling, Nemesia en Serruria

Rubix

Heemstede, Metanoia, Nerina, Pieke en Venustia

Tygerberg

Huis Francie van Zijl, Hippokrates, Meerhoff, Nkosi Johnson, Osler, Ubuntu en eNkanyini

Validus

Academia, Goldfields, Huis Visser, Huis Marais, Simonsberg, ISA en Olympus

VicMeyr

Aurora, Dagbreek, Huis ten Bosch, Lydia, Majuba en Minerva

Victoria

Monica, Harmonie, Oude Molen, Wilgenhof en Silene

Wimbledon

Aristea, Eendrag, Helshoogte, Irene, Sonop en Vesta

Senior Leefomgewing

Concordia, Huis de Villiers, Huis Macdonald, Lobelia, Huis Russel Botman en The Village

PRIVAAT STUDENTE-ORGANISASIES

Een van die Universiteit Stellenbosch se kernfokusgebiede vir studente-ontwikkeling is die ko-kurrikulêre en buiteklas-ervaring. Die Privaat Studente-Organisasies (PSO's) is geposisioneer om aan hierdie behoefte te voldoen en aan studente die geleentheid te bied om 'n gesonde en diverse universiteitservaring te ervaar. Alle studente wat nie in die US se koshuise tuisgaan nie, is outomaties lede van 'n PSO – dit is sowat 70% van die US se studente. Hierdie studente word verdeel in verskillende PSO's, wat aan hulle al die geleenthede bied tot suksesvolle sosiale en akademiese integrasie op die kampus.

PSO's verskaf nie verblyf aan studente nie, maar PSO-studente kan onder meer hul studentekaarte gebruik om etes by 'n oop-koshuis-eetsaal in hul spesifieke kluster te bespreek en geniet. Binne 'n PSO word 'n mentor aan elke nuwe student toegeken wat hulle met alle prosesse kan bystaan.

Daar is tien PSO's op die Stellenbosch-kampus en een op die Tygerberg-kampus. Indeling in een van die tien PSO's vind plaas volgens die Universiteit se plasingbeleid. Studente word per e-pos in kennis gestel van die spesifieke PSO waarby hulle ingedeel is. Inligting rakende die PSO-verwelkomingsprogram en waar hulle

PSO-VERVOERDIENS TYDENS VERWELKOMINGSPROGRAM

Die studente wat deel vorm van 'n Privaat Studente-Organisasie (PSO) word aangemoedig om by die verwelkomingsprogram van hul betrokke PSO in te skakel. Aangesien die aktiwiteite eers saans eindig, word 'n gratis vervoerdiens aan PSO-studente beskikbaar gestel om hulle veilig tuis te besorg. Die vervoerdiens vertrek stiptelik om 19:15 en 21:15 vanaf die PSO-hub by Bosmanstraat 11, Stellenbosch, en sal studente veilig besorg elders in Stellenbosch en by spesifieke sentrale punte in omliggende gebiede.

Studente kan by die volgende punte afgelaai word:

- SAPD-kantore: Bellville, Kuilsrivier, Althone, Mitchells Plain, Paarl, Somerset-Wes en Kayamandi
- De Zalze-gholfandgoed, Stellenbosch (hek)
- Paradyskloof, Stellenbosch (Engen-vulstasie)
- Sonnebloemstraat, Idasvallei, Stellenbosch (Brent Oil-vulstasie)
- Welgevonden, Stellenbosch (hek)
- Langstraat 87, Cloeteville, Stellenbosch (Engen-vulstasie)
- Sentrale gebiede van Stellenbosch

* Hierdie inligting is onderhewig aan veranderinge weens Covid-19-regulasies.

tydens die verwelkoming ontmoet, word ook per e-pos gestuur. Die PSO's word gesamentlik deur die PSO-kantoor bestuur, wat binne die Sentrum vir Studentegemeenskappe in die Afdeling Studentesake geleë is. Studente kan nie van PSO verander nie. Jou indeling bly dus dieselfde vir die duur van jou universiteitsloopbaan.

Die PSO waarby jy ingedeel is, bepaal ook die kluster waaraan jy behoort. Indien jy geen inligting oor jou PSO-indeling ontvang het nie, kontak gerus die Kliëntediensafdeling by tel. 021 808 9111 of per e-pos by info@sun.ac.za. Studente word ook aangemoedig om hulself te vergewis van die verpligte PSO-fooie soos dit jaarliks in die Universiteit Stellenbosch Studentegedebboekie beskryf word.

PSO's OP STELLENBOSCH-KAMPUS

Aristea, Aurora, Capri, Equité, Olympus, Oude Molen, Pieke, Silene, Venustia en Vesta

PSO OP TYGERBERG-KAMPUS

Osler

Hierdie vervoerdiens is slegs beskikbaar tydens die verwelkomingsperiode (2-12 Februarie 2022). Studente moet asseblief teen 11:00 op die betrokke dag 'n versoek rig om die pendeldiens te gebruik en die spesifieke aflaai-punt aandui. Die versoeke kan aan die spesifieke Huiskomitee of die PSO-kantoor deurgegee word – stuur asseblief e-pos aan psos@sun.ac.za.



SKANDEER HIER



STUDENTERAAD (SR) 2021/2022

Die SR is die hoogste verteenwoordigende studentestruktuur aan die Universiteit en staan onder die gesag van die Raad van die Universiteit Stellenbosch. Die SR se kernfunksies sluit in om in die beste belang van studente te handel en om studente se regte doelgerig te bevorder. Sô staan die SR studente by tydens die verwelkomings- en registrasieperiode:

- Ons fasiliteer en voorsien vervoer aan nuwelinge na ons kampusse waar dit nodig is.
- Ons help studente met verskeie probleme wat hulle mag ervaar tydens registrasie deur in ons kantoor en op die kampusse beskikbaar en teenwoordig te wees. Hierdie bystand sluit in om interaksies met administratiewe personeel te fasiliteer vir 'n maklike registrasieperiode.
- Met die bystand van die ABR ondersteun ons studente wat akademies uitgesluit is met hul appèlproses en hertoelatings.
- Ons ondersteun studente wat nie die aanvanklike registrasiekoste kan betaal nie of wat studieskuld het en sukkel om te registreer (RegisterAll).

- Met behulp van studenteverenigings help ons studente wat nie in koshuise geplaas is nie en sukkel om verblyf te kry, met tydelike verblyf gedurende die verwelkomingsperiode (Right2Learn).

Ons is opgewonde om al ons nuwe Maties tydens die verwelkomingsperiode te ontmoet en sal hard probeer om julle almal by julle onderskeie gemeenskappe te kom groet!

Kontak ons asseblief indien jy enige probleme ervaar tydens die verwelkomingsperiode. Ons besonderhede is:

E-POS: sr@sun.ac.za
TEL: 021 808 2757
KANTOOR: Derde verdieping, Neelsie-sentrum
INSTAGRAM: @stellenbosch_src
FACEBOOK: Stellenbosch University SRC
TWITTER: @stelliesSRC

ONTMOET DIE STUDENTERAAD 2021/2022

STUDENTERAAD




VIWE KOBOKANA
SR-voorsitter



PHILIP VISAGE
SR-ondervoorsitter



ALYSA-ABBY KEKANA
Sekretaris, Algemeen & Finansiële Toegang



ILAN MEINTJIES
Tesourier



ZANDER NIEMAND
Transformasie-beampte




TAKADIWA CHIPFUMBO
US Internasionaal



CHRIS BRIEL
Studente-welwees



PRECIOUS NHAMO
Sosiale Impak & Innovasie




EUGENE NELL
Voorsitter van die Senior Primkomitee & Nagraadse Studente



TONI SOLOMON
Voorsitter van die Primkomitee



CHRISTO VAN DER BANK
Ondervoorsitter van die Primkomitee



GEORGE VAN DYK
Voorsitter van die Akademiese Belangeraad



TAMARA WICOMB
Voorsitter van die Verenigingsraad



PULE LEBAKA
Voorsitter van die Militêre Akademie Studenteraad



GERRARD DAMONS
Voorsitter van die Kultuurkomitee (Kuko)



VHUDI RAVHUTSI
Voorsitter van die Tygerberg Studenteraad




ANNA PANSEGROUW
Spesiale Behoeftes-bestuurder



WANDILE SEBOTHOMA
Handelsmerkbestuurder



JOSIAH AIYER
Bemarkingsbestuurder



ALEX VINK
Bestuurder van Womxn and Queer Empowerment (WAQE)



FADEELAH WILLIAMS
Leierskapontwikkelingsbestuurder



TESSA BROOKE
Volhoubaarheidsbestuurder



THIMNA SOTYATO
Veiligheid en sekuriteitsbestuurder



TANYARADZWA CHIZA
Sportbestuurder



TYGERBERG STUDENTERAAD (TSR)

Die Tygerberg Studenteraad (TSR) is die hoogste verteenwoordigende en beleidsregulerende studenteligaam aan die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Die TSR se kernfunksies is die bevordering van studenteregte, soos uiteengesit in die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet, sowel as die verteenwoordiging van studente op verskeie vlakke by die fakulteit en die Universiteit, ten einde studentebelange te bevorder.

Tydens die 2021/2022-termyn wil ons graag 'n doelbewuste, pro-aktiewe studenteligaam wees wat kwessies met 'n samewerkende, oplossingsgebaseerde benadering aanpak. So wil ons 'n omvattende, bemagtigende en transformatiewe ervaring vir studente fasiliteer.

- Ten einde bogenoemde doelwitte te bereik, streef ons daarna om die volgende te prioriseer: Sigbaarheid ("Visibility") en toeganklikheid; inklusiwiteit ("Inclusivity"); volhoubaarheid ("Sustainability"); innovering ("Innovation"); verantwoordbaarheid ("accountability"); en transformasie ("transformation"). In Engels: "VISION".
- Die TSR formuleer beleide wat die Tygerberg-studenteunie reguleer en bejeën dit met 'n kritiese ingesteldheid.
- Die TSR bevorder deursigtigheid deur middel van doeltreffende kommunikasie.
- Die TSR volg 'n praktiese, veelvlakkige benadering om die holistiese welstand van studente te bevorder.

Die TSR se rol in die verwelkomings- en registrasietydperk sluit in:

- Die TSR, die Tygerberg Akademiese Belangeraad (TABR), die Verenigingsraad en die Tygerberg Primkomitee (TPK) werk tydens die verwelkomingsprogram nou saam om te verseker dat alle studente goed ingelig en ondersteun word ter voorbereiding vir die begin van die akademiese jaar.
- Die TSR en TABR staan studente by wat akademies uitgesluit is, asook diegene wat in Januarie op appèlkennissgewings wag.
- Die TSR ondersteun studente wat óf nie in staat is om die aanvanklike koshuisfooie te betaal nie, óf historiese skuld het en nie die registrasiefooie vir die akademiese jaar kan bekostig nie. Hiervoor werk die TSR saam met die Studenteraad (SR) van die Stellenbosch-kampus, wat die RegisterAll-inisiatief dryf.
- Die TSR en die TPK verseker dat alle studente wat nog nie in koshuise geplaas is nie en sukkel om behuising te vind, tydelike verblyf kry tydens die verwelkomingstydperk.

Wees op die uitkyk vir maniere om betrokke te raak by die TSR en ons projekte en beïnvloed die kampus op 'n positiewe, dinamiese manier!

Kontak ons gerus deur middel van die volgende platforms:

E-POS: tsrchair@sun.ac.za
TEL: 021 913 1921 / 021 938 9591
INSTAGRAM: @maties_tsr
FACEBOOK: Tygerberg Student Council

TYGERBERG STUDENTERAAD (TSR) 2021/2022

TYGERBERG STUDENTERAAD



VHUDI RAVHUTSI
Voorsitter
Komitee: Raad/SR
 tsrchair@sun.ac.za



QUERAN KAMUANYA
KALOMBO
Ondervoorsitter
Komitee: Raad
 tsrvice@sun.ac.za



VANESSA ANNAN
Sekretaris
Komitee: Raad
 22721851@sun.ac.za




ZANELE
NXAMAGALE
Finansiële bestuurder
Komitee: Raad
 22570578@sun.ac.za



ANANDI DE WITT
Behoeftes van die studentegemeenskap
Komitee: Raad
 22006737@sun.ac.za



KEATON HARRIS
Studente se fasiliteitsbehoeftes en Voorsitter van Beleidseenheid
Komitee: Raad
 kharris@sun.ac.za



CATHERINE BERN
Studente-welwees
Komitee: Raad
 20691955@sun.ac.za



ZAH'RAA MOIDIN
Studente-ontwikkeling
Komitee: Raad
 21940231@sun.ac.za



WANDILE MOKHELE
Sport
Komitee: Raad
 22706968@sun.ac.za



JESSICA DAVIES
Voorsitter van die Tygerberg Akademiese Belangeraad
Komitee: Raad/TABR
 tabrchair@sun.ac.za



JAMIE-LEE DANIELS
Voorsitter van die Tygerberg Primkomitee
Komitee: Raad/TPK
 21606080@sun.ac.za



MARIZANNE VAN DYK
Voorsitter van die Tygerberg Verenigingsraad
Komitee: Raad/TVR
 tscchair@sun.ac.za



FRANCIS ADU-AMANKWAAH
Voorsitter van die Tygerberg Nagraadse Studenteraad
Komitee: Raad/TNSR
 mbali@sun.ac.za



ANELE MADIYA
Kultuur
Komitee: Raad
 22599886@sun.ac.za



ISABELLA TURNER
Groen en Volhoubaarheid
Komitee: Raad
 22904131@sun.ac.za



ASIPHESANDE JULEKA
Kopano en Prestige
Komitee: Raad
 21605602@sun.ac.za



KIM STOFFELS
Sosiale geregtigheid
Komitee: Raad
 24048437@sun.ac.za



CHERESE DE KLERK
Strategiese kommunikasie
Komitee: Raad
 21055475@sun.ac.za



MILITÊRE AKADEMIE
STUDENTERAAD (MASR)



PULE LEBAKA
Studentekaptein



KIRSTEN RICHARDS
Onder-studentekaptein



ZENITH GOVENDER
Sekretaris



ROXANNE WILLIAMSON
Fakulteit



PALESA MOKGATLA
Finansies



KARABO MOHAPI
Beampte:
Regimentsaspekte



**KEARABETSWÉ
MALEBANA**
Masiza



JOHN POTO
Sport



DUNCAN HEINS
Disa Sosiale Verenigingsraad
(DSSC)



**SHADRACH
HENDRICKS**
Vervoer



**BONOLO
MATHEBULA**
Sosiaal



NTLHAKE POOLE
Media



ALVIN ZWANE
Signal




**CHARMAINE
MMOLA**
Logistiek



**LEHLOHONOLO
RAMOKOENA**
Trans-enduro



SIYABUSA MHAMBI
Derdejaar-
bevelvoerder



**DAVID
MOLOKOMME**
Tweedejaar-
bevelvoerder

TYGERBERG AKADEMIESE
BELANGERAAD (TABR)

Die TABR is 'n komitee op die Tygerberg-kampus wat uit verkose verteenwoordigers van die onderskeie gesondheidswetenskapprogramme bestaan. Die TABR verteenwoordig die Tygerberg-studenteunie in die strukture en komitees van die Fakulteit. Die TABR bestaan uit 'n uitvoerende komitee (voorsitter, ondervoorsitter en studenteprogramkoördineerders), klas-vertteenwoordigers en vyf ex officio-lede. Die voorsitter en ondervoorsitter is lede van die Akademiese Belangeraad (ABR) op die Stellenbosch-kampus. Die voorsitter is ook 'n lid van die Tygerberg Studenteraad (TSR) op die Tygerberg-kampus. Alle akademiese belange word deur die klasvertteenwoordigers bevorder en dus deur die TABR aan die fakulteit gekomunikeer.

As jy enige navrae het wat met akademiese sake verband hou, is jy welkom om die voorsitter, **JESS DAVIES**, te kontak by tabrchair@sun.ac.za of [20688016@sun.ac.za](tel:20688016).

AKADEMIESE BELANGERAAD (ABR)

Die ABR is 'n studenteliggaam met die primêre verantwoordelikheid om jou akademiese belange en ontwikkeling as student te verteenwoordig en te beskerm. Dit sluit in:

- Akademiese klagtes
- Griewe wat met die Taalbeleid verband hou – akademiese aanbiedings in die klaskamer, kursusraamwerke, ensovoorts
- HEMIS
- Toets- of roosterbotsings
- Plagiaatkwessies
- Probleme met dosente, mentors, tutors of tutoriaalklasse
- Ko-kurrikulêre ontwikkeling

Indien jy enige probleme ondervind wat jou akademie beïnvloed, kan jy met ons gesels.

Besoek ons op sosiale media:

- Facebook – Stellenbosch Universiteit AAC
- Instagram – @aacstellies

Of stuur 'n e-pos aan ons voorsitter, George van Dyk, by vandyk@sun.ac.za.

NAAM	VAN	E-POSADRES	POSISIE	GROEP
GEORGE	VAN DYK	vandyk@sun.ac.za	ABR-voorsitter	ABR
SEBASTIAN	FOSTER	19984340@sun.ac.za	ABR-ondervoorsitter	
ELAINE	NYAMAYARO	21156751@sun.ac.za	ABR-tesourier	
JOHANÉ	BERRY	22564284@sun.ac.za	ABR-bemarkingsbeampte	
BERNARD	OOSTHUIZEN	22574514@sun.ac.za	ABR-sekretaris	
KARABO	MOGASHOA	21573034@sun.ac.za	EBSK-voorsitter	Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe
MIA	DE VILLIERS	22607994@sun.ac.za	EBSK-ondervoorsitter	
SANDRI	DU PLESSIS	19980779@sun.ac.za	ISR-voorsitter	Ingenieurswese
ALMÉ	ENGELBRECHT	aengel@sun.ac.za	ISR-ondervoorsitter	
ALDI	SERFONTEIN	23570067@sun.ac.za	Teologie-voorsitter	Teologie
SABRINA	SEPTEMBER	22605983@sun.ac.za	Teologie-ondervoorsitter	
SKYE	DE PONTES	25362364@sun.ac.za	BASK-voorsitter	Lettere en Sosiale Wetenskappe
OWETHU	MBELE	24867098@sun.ac.za	BASK-ondervoorsitter	
MPOYI	MPINGA	21592314@sun.ac.za	NSR-voorsitter	Natuur-wetenskappe
BENITA	SCHOONWINKEL	23577584@sun.ac.za	NSR-ondervoorsitter	
LIZE-MARI	SLABBER	22896228@sun.ac.za	OSK-voorsitter	Opvoedkunde
EMMA	SWART	20950756@sun.ac.za	OSK-ondervoorsitter	
CECILE	BESTER	20899629@sun.ac.za	AgriWetenskappe-voorsitter	AgriWetenskappe
ELZETTE	VAN SCHALKWYK	22736034@sun.ac.za	Ondervoorsitter	
PULE	LEBAKA	24506184@sun.ac.za	Studentekaptein	Militêre Akademie
ROXANNE	WILLIAMSON	20269048@sun.ac.za	Studentevertteenwoordiger	
JESS	DAVIES	tabrchair@sun.ac.za	TABR-voorsitter	Tygerberg-kampus
KAY	VANWOLLEGHEM	19768028@sun.ac.za	TABR-ondervoorsitter	
ILA	ALBERTS	25143654@sun.ac.za	JV-voorsitter	Regsgeleerdheid
MEG	JAMES	23266449@sun.ac.za	JV-ondervoorsitter	


**AKADEMIESE BELANGERAAD
(ABR) 2021/2022**
AKADEMIESE BELANGERAAD

GEORGE VAN DYK
ABR-voorsitter


SEBASTIAN FOSTER
ABR-ondervoorsitter

BERNARD OOSTHUIZEN
ABR-sekretarisgeneraal

JOHANÉ BERRY
ABR-bemarkingsbeampte

ELAINE NYAMAYARO
ABR-tesourier

KARABO MOGASHOA
EBSK-voorsitter

MIA DE VILLIERS
EBSK-ondervoorsitter

SANDRI DU PLESSIS
ISR-voorsitter

ALMÉ ENGELBRECHT
ISR-ondervoorsitter


ALDI SERFONTEIN
TSK-voorsitter

SABRINA SEPTEMBER
TSK-ondervoorsitter

SKYE DE PONTES
BASK-voorsitter

OWETHU MBELE
BASK-ondervoorsitter

MPOZI MPINGA
NSK-voorsitter

BENITA SCHOONWINKEL
NSK-ondervoorsitter

LIZE-MARI SLABBER
OSK-voorsitter

EMMA SWART
OSK-ondervoorsitter

CECILE BESTER
ASV-voorsitter

ELZETTE VAN SCHALKWYK
ASV-ondervoorsitter

PULE LEBAKA
Militêre Akademie
Studentekaptein

ROXANNE WILLIAMS
Militêre Akademie
Fakulteitstudente-
vertegenwoordiger

JESS DAVIES
TABR-voorsitter


KAY VANWOLLEGHEM
TABR-ondervoorsitter


ILA ALBERTS
JV-voorsitter

MEG JAMES
JV-ondervoorsitter

**TYGERBERG NAGRAADSE STUDENTERAAD
(TNSR) 2021/2022**

FRANCIS ADU-AMANKWAH
Voorsitter

VANESSA LOUW
Ondervoorsitter

TSHIAMO MOTSOANE
Sekretaris

ARTHUR CHIWAYA
Finansiële beampte

KUDAKWASHE NYAMBO
Media en bemarking

ZAMA MAHLOBO
PhD-vertegenwoordiger

HAMEER VANMALL
Meestersgraad-
vertegenwoordiger

NOTHUKELA MPAZI
Honnorsgraad-
vertegenwoordiger

CANDICE FEBRUARIE
Studentegesondheid
en -welwees

KIMBERLY COETZER
Studente-ontwikkeling

ILZE WILLEMSE
Gemeenskaps-
interaksie

ADEYEMI OLUWASEUN MOFOLUWA
Beleidsseenheidbeampte

NAAM	E-POSADRES	NAAM	E-POSADRES
FRANCIS	24133434@sun.ac.za	HAMEER	19975538@sun.ac.za
VANESSA	20768605@sun.ac.za	NOTHUKELA	23968737@sun.ac.za
TSHIAMO	tmotsoane@sun.ac.za	CANDICE	februariec@sun.ac.za
ARTHUR	achiwaya@sun.ac.za	KIMBERLY	kcoetzer@sun.ac.za
KUDAKWASHE	knyambo@sun.ac.za	ILZE	15171701@sun.ac.za
ZAMA	pzamah@sun.ac.za	ADEYEMI	24922315@sun.ac.za


TYGERBERG PRIMKOMITEE (TPK) 2021/2022

Die Tygerberg Primkomitee funksioneer parallel met die primkomitee op die Stellenbosch-kampus. Dit bestaan uit al die prims van die studentegemeenskappe op die Tygerberg-kampus, sowel as die TPK-voorsitter en 'n sekretaresse. Die rol van die TPK is om samewerking tussen die verskillende studenteverenigings aan te moedig, om gemeenskaplike uitdagings te identifiseer en om gesamentlike oplossings te vind.

Een van die standpunte wat deel vorm van die visie soos vervat in die grondwet van die Primkomitee, is om deurlopend studente se behoeftes in ag te neem. Tydens die verwelkomingsperiode werk die PK saam met die SR en die studentegemeenskappe om te verseker dat nuwelinge verblyf vind en 'n vervullende verwelkomingstydperk ervaar.

Nog doelwitte van die Primkomitee sluit in:

- Die lede moet as 'n eenheid funksioneer, maar hulle is ook as individue verteenwoordigers van hul onderskeie gemeenskappe wat op die PK dien, sowel as indirek op die SR en ander studenteverenigings.
- Om daarna te streef dat die belewenis van studentelewe die kampus verryk.



**JAMIE-LEE
DANIELS**

TPK-voorsitter



**NOMATHEMBA
NXABELA**

Primaria van
eNkanyini



NICOLA HAVENGA

Primaria
van Meerhof



CAITLIN SITHOLE

Primaria van
Huis Francie van Zijl



SARAH BASSA

Primaria van Osler



**TSHEGOFATSO
MAHLANGU**

TPK-sekretaris

SENTRUM VIR STUDENTEVOORLIGTING EN -ONTWIKKELING

Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) is daar-toe verbind om sielkundige, ontwikkelings- en ondersteunings-dienste aan die US-gemeenskap te verskaf sodat ons daarna kan streef om vennote vir sukses te wees. Ons visie is om 'n toeganklike, inklusiewe en kliëntgesentreerde sentrum te wees, met waardes wat op medemenslikheid gegrond is. Die personeel sluit in kliniese, voorligting- en opvoedkundige sielkundiges, beraders, maatskaplike werkers, intern-sielkundiges, studente-assistente, projek/portefeulje-koördineerders, 'n psigometris, ondersteuningsbeamptes en administratiewe personeel. Die SSVO bestaan uit vier eenhede wat deur hul kernfunksies poog om burgerskap te bevorder deur die fasilitering van welwees en persoonlike verantwoordbaarheid. Daar is kantore op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse.

Stellenbosch

Victoriastraat 37, Stellenbosch

Tel: 021 808 4707 / 021 808 4994 (kantoorure)

Tygerberg

Indien jy voor die hoofingang van die Opvoedkundegebou staan, stap links om na die sy-ingang vir gestremde persone. Die SSVO-kantore (nr. 0073) is aan die regterkant voor jy die glasdeure kry van die ingang vir gestremde persone.

Tel: 021 938 9590 (kantoorure)

Webblad: www.sun.ac.za/cscd

24-uur-nooddienste met die samewerking van ER24:
Tel: 010 205 3032 (na-ure en naweke)

Die volgende eenhede word in vyf sentraalgeleë geboue in Victoriastraat, Stellenbosch gehuisves:

EENHEID VIR AKADEMIESE VOORLIGTING EN ONTWIKKELING (EAVO)

Hierdie eenheid lewer 'n ontwikkelingsgerigte diens wat fokus op die akademiese uitdagings wat studente mag ervaar. Die span bestaan uit opvoedkundige sielkundiges, 'n psigometris, 'n geregistreerde berader en intern-sielkundiges. Ondersteuning word aan studente verleen deur hulp te verleen rakende studiemetodes, die hantering van toets- en eksamenstres, tydsbestuur, en die optimalisering van hulle potensiaal deur middel van individuele konsultasies, werksessies en selfhulp materiaal. Loopbaanvoorligting is beskikbaar vir geregistreerde studente. Stuur gerus 'n e-pos aan studysuccess@sun.ac.za om 'n afspraak te maak of vir meer inligting oor ons werksessies.

EENHEID VIR PSIGOTERAPEUTIESE EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE (EPO)

Hierdie eenheid bied individuele sessies, groepsterapie en werksessies. Sielkundiges en beraders bied vertroulike en professionele dienste aan studente. Die eenheid bied psigoterapie vir 'n wye spektrum van probleme wat studente mag ervaar, naamlik depressie, hoë spanning, aanpassingsprobleme, middelmisbruik, verhoudings- of gesinsprobleme, ensovoorts.

Spesifieke sessies is op die Stellenbosch-kampus beskikbaar vir studente wat sielkundige uitdagings ervaar. Hierdie diens word daaglik van 11:00 tot 12:30 aangebied.

'n 24-uur-nooddienste is beskikbaar vir geregistreerde studente van 16:00 tot 08:00 sowel as naweke (ER24 – tel: 010 205 3032).

Die maatskaplike werker by die eenheid, met die samewerking van die Sentrum vir Studentegemeenskappe, bied 'n instapdiens tydens die verwelkomingstydperk aan vir hoofsaaklik eerstejaarstudente wat van buite die Wes-Kaap is en op kampus arriveer sonder bevestigde verblyf en finansiële advies. Tydens die akademiese jaar bied die maatskaplike werker professionele dienste soos ondersteuning, leiding en berading aan studente met betrekking tot sosiale kwessies.

Om 'n versoek te rig of 'n afspraak te maak, stuur e-pos aan supportus@sun.ac.za. Afsprake ten opsigte van alle dienste kan aanlyn of in persoon plaasvind.

'n 24-uur-nooddien is beskikbaar vir geregistreerde studente van 16:00 tot 08:00 sowel as naweke (ER24 – tel: 010 205 3032).

EENHEID VIR GESTREMDHEDE (EG)

Die Eenheid vir Gestremdhede bied 'n reeks dienste aan studente met gestremdhede. Ons adviseer studente met gestremdhede oor die moontlike ondersteuning wanneer hulle by die US is. Ons bespreek ook toepaslike akademiese ondersteuning en verseker dat akademiese materiaal toeganklik is vir studie-, toets- en eksamenoeleindes. Die EG bied ook verskeie opleidingsgeleenthede aan studente en personeel, waaronder 'n Lei met Gestremdheid-program vir studente en die fasilitering van personeelopleiding deur middel van Siyakhula-opleidingsessies. Kom gesels met ons oor enige onsekerhede wat met gestremdheid verband hou. Kontak ons deur e-pos te stuur aan disability@sun.ac.za. Volg ons op die Afdeling Studentesake se Facebook-blad asook die Facebook-blad "Disability Unit". Besoek ons by Victoriastraat 39, House Simon Nkoli Huis, Stellenbosch.

EENHEID VIR GRADUANDI-LOOPBAANDIENSTE (EGLD)

Hierdie eenheid ondersteun studente met die oorgang vanaf hulle universiteitsjare tot wanneer hulle die arbeidsmark betree. Dit sluit in individuele sessies oor jou loopbaan, groepsessies oor hoe om 'n CV saam te stel, onderhoudsvaardighede, jou aanlyn profiel, blootstelling aan maatskappye deur middel van netwerkgeleenthede en loopbaanuitstallings, en hulp met werksoekmetodes. Die eenheid se kerndienste word ook aanlyn aangebied.

Die eenheid bestuur 'n aanlyn loopbaandienste-bestuurstelsel genaamd MatiesCareers (bit.ly/MatiesCareers). Hierdie stelsel bied maklike toegang aan studente om werk te soek en aansoek te doen vir permanente werk, internskappe, deeltydse werk en vrywillige werksgeleenthede. Alle US-studente word sterk aangemoedig om op die stelsel te registreer. Dit is belangrik dat studente reeds van hulle eerste jaar af begin voorberei vir die dag dat hulle voltyds moet begin werk.

MatiesCareers verskaf inligting oor die eenheid se dienste en interessante aktiwiteite wat op kampus plaasvind. Studente kan ook daar aanlyn vir die eenheid se dienste registreer. Verskeie werkgewers is op die stelsel geregistreer. Studente kan dus ook hul CV's vir potensiële werkgewers oplaai en soektogte doen na werkgewers se inligting en werksgeleenthede.

Kontak ons deur e-pos te stuur na careerservices@sun.ac.za.



SKANDEER HIER

KAMPUSGESONDHEIDSDIENS

Covid-19-kennisgewing:

Die Universiteit Stellenbosch se Kampusgesondheidsdiens (KGD) hou die Covid-19-situasie dop en staan die Rektor se bestuursplan by in die toepassing van gesondheidsriglyne, in ooreenstemming met die Nasionale Departement van Gesondheid.

Pasiënte moet afspraak maak om 'n dokter of suster te sien.

Die KGD lewer 'n geïntegreerde en toeganklike kampusgesondheidsdiens aan studente en personeel en beskik ook oor 'n goed toegeruste apteek. Die diens ondersteun die institusionele welwees-inisiatiewe vir studente en personeel en word op sowel die Stellenbosch- as die Tygerberg-kampus aangebied.

Die KGD bied die volgende dienste aan:

- Huisartskunde (waaronder primêre gesondheidsorg)
- Gesondheidsbevordering en voorkomende geneeskunde
- Reisgeneeskunde
- Sport- en oefeningsgeneeskunde
- Beroepsgesondheid
- Fisioterapie

Vinnige vrae oor die KGD:

Is die diens gratis?

Foioe vir die dienste wat ons mediese dokters en fisioterapeute lewer, word teen die minimum etiese tarief gehef wat ons mag vra. Alle konsultasies deur ons professionele verpleegkundiges is gratis. Vir medikasie word 'n fooi gehef teen mediese fondstariese.

Hoe betaal 'n mens vir die diens?

Ons is 'n geregistreerde diensverskaffer van alle mediese fondse in Suid-Afrika en Namibië en stuur dus rekeninge elektronies aan die mediese fondse. Ons aanvaar ook kontant-, kaart- en elektroniese betalings.

Watter mediese dienste bied die KGD, byvoorbeeld radiologie en tandheelkunde?

Die KGD het professionele mediese dokters, fisioterapeute en verpleegkundiges in sy diens. Alle ander dienste word verwys.

Moet ek geïmmuniseer word?

Dit is baie belangrik dat studente van immunisering kennis neem (veral eerstejaarstudente in koshuise). Die volgende immunisasies is opsioneel, maar word sterk aanbeveel:

- Griep – jaarlikse immunisering.
- Meningitis – een inspuiting elke drie jaar.
- Masels, Pampoentjies en Rubella (Duitse Masels) – indien nie-immuun nie, kry jaarliks 'n reeks van twee immunisasies.
- Hepatitis A en B (verplichtend vir Geneeskunde- en Gesondheidswetenskappe-studente) – kombinasie (Twinrix) beskikbaar, reeks van drie inspuitings oor ses maande.
- Menslike Papilloma-virus – reeks van drie inspuitings oor ses maande.

Alle immunisasies is by die KGD beskikbaar. Tariewe is op aanvraag beskikbaar. Kontroleer asseblief met jou mediese fonds om seker te maak of jy dekking het vir immunisasies.

Bied die KGD voorligting aan studente?

Ons bied voorligting aan pasiënte wat vir spesifieke toetse/siftings kom, byvoorbeeld MIV-toetse en gesinsbeplanning. Ander voorligting word deur die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) aangebied. Bel die sentrum by 021 808 4707.

Is vervoer vir pasiënte beskikbaar?

Ons bied vervoer aan pasiënte wat binne 'n bepaalde radius van die af kampus is. Kontak ons vir meer besonderhede.

Hoe maak ek 'n afspraak?

Sien die kontakbesonderhede hiernaas of stuur e-pos aan chs@sun.ac.za.

Wat gebeur in geval van nood?

Kontak die KGD tydens kantoorure of bel een van die noodnommers na-ure of oor naweke.

KONTAKBESONDERHEDE

TYDENS KANTOORURE:

KGD-noodnommer: 076 431 0305

NA-URE OF TYDENS NAWEKE:

ER24-noodnommer: 010 205 3032
Stellenbosch Mediclinic: 021 886 9999/021 861 2000
US-24-uur-krisistlyn: 082 557 0880
Kontraspsie-hulplyn: 0800 246 432
MIV-hulplyn: 0860 HIV 911

DIGITALE PLATFORMS:

Webblad: www.sun.ac.za/english/CampusHealth
Facebook: www.facebook.com/Stellenbosch.University.CHS
Twitter: @CHS_StellUni

AL ONSE PRAKTYKE IS OOP VAN MAANDAG TOT VRYDAG VAN 08:00 TOT 17:00.

FISIOTERAPEUTE:

Tel: 021 808 3392
Besoek ons langs die gimnasium in die Sportwetenskap-gebou (nr. 84 op die kaart).
Fisioterapeute praktiseer ook vanaf die KGD-kliniek in Claassenstraat, Stellenbosch.

STELLENBOSCH-PRAKTYK:

Tel: 021 808 3496/3494
Claassenstraat 7, Stellenbosch
(nr. 16 op die kaart)

TYGERBERG-PRAKTYK:

Tel: 021 938 9590
Derde verdieping, Tygerberg-studentesentrum
(nr. 10 op die kaart)



SKANDEER HIER

TAAL AAN DIE UNIVERSITEIT Stellenbosch

By die Universiteit Stellenbosch (US) is ons verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing. Ons Taalbeleid is een van die meganismes wat die ontwikkeling van 'n diverse kampusgemeenskap ondersteun. Deur die Taalbeleid kan ons billike toegang tot die US uitbrei; meertaligheid én waardering vir meertaligheid bevorder; en pedagogies verantwoordbare leer en onderrig fasiliteer. Sonder om uit die oog te verloor dat die US ook gemeenskappe van die res van Afrika en die wêreld bedien, verbind ons onself tot meertaligheid deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.

Ná 'n omvattende en raadplegende proses het die Raad in Desember 2021 'n nuwe Taalbeleid goedgekeur. Die doel van 'n taalbeleid is om taalgebruik in alle aspekte van die Universiteit te reël, te bestuur en oorsigbestuur toe te pas. Die drie grondbeginsels van die US se taalbeleid bepaal dat die US meertaligheid as 'n hulbron beskou; dat taal toegang moet verbreed en studente-sukses ondersteun; en dat die beleid en die toepassing daarvan pedagogies verantwoordbare leer en onderrig moet fasiliteer.

MEERTALIGHEID AS 'N INGESTELDHEID

By die US verwys meertaligheid nie net na institusionele en individuele meertaligheid nie. Dit sluit ook meertaligheid in as 'n manier om inklusiwiteit te bevorder en 'n waardering te kweek vir die waarde van diversiteit. Dit strek veel verder as om ruimtes en strukture te skep vir die gebruik van veelvuldige tale in akademiese, administratiewe en sosiale kontekste, of 'n individu se bereidwilligheid om verskillende tale aan te leer. Meertaligheid weerspieël ook 'n gesindheid en 'n ingesteldheid wat ons by ons Universiteit wil bevorder. As 'n nuwe Matie sal jy die geleentheid kry om hierdie ingesteldheid te ontwikkel, en om saam met die kampusgemeenskap meertaligheid te bevorder.

Jy sal sien hoe ons dié ingesteldheid in die praktyk by die US uiteleef. By seremoniële geleenthede, soos die verwelkomingsgeleentheid vir eerstejaarstudente en gradeplegtighede, word Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik. By vergaderings en sosiale geleenthede vind transtaligheid* spontaan plaas te midde van wedersydse respek en verdraagsaamheid vir verskillende taalvaardighede, of waar 'n individu gretig is om 'n addisionele taal te leer. In die lesinglokaal aanvaar dosente, dosent-assistente, tolke en julle as studente mede-verantwoordelikheid vir meertaligheid deur mekaar te help om akademiese inhoud te verstaan. Hoewel dit belangrik is om vir julle 'n ruimte te skep waarbinne julle deur middel van transtaligheid informeel in die klaskamer kan kommunikeer, word akademiese en tegniese terminologie vanweë pedagogiese redes ook by 'n hoëronderwysinstelling gebruik.

WAT KAN JY VERWAG?

Jy wonder dalk hoe die nuwe Taalbeleid jou akademiese lewe en taalgebruik in sosiale ruimtes sal raak. Omvattende inligting hieroor, onder meer die volledige Taalbeleid (2021) en 'n opsommende inligtingsgrafika, is op die Taalbeleid-webblad (www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Language.aspx) beskikbaar. Die inligtingsgrafika som die praktiese toepassing van die beleid op, maar onthou die Taalbeleid self bly die enigste formele inligtingsbron oor die beleid.

Die Taalbeleid kortliks saamgevat:

VOORGRAADSE LEER EN ONDERRIG

1. **Akademiese modules word in een van die volgende taalopsies aangebied:**
 - Afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels (A/E)
- Hoewel lesings in Engels of Afrikaans aangebied word, word studente van verskillende taalgroepe saam ingedeel vir

groepwerk, tutoriale en praktika. Een-op-een konsultasies met dosente kan in Engels en Afrikaans plaasvind mits die dosent albei tale magtig is.

- **Afrikaans en Engels word in dieselfde lesing gebruik (A+E)**
In hierdie lesings word alle inligting in ten minste Engels oorgedra met 'n opsomming of beklemtoning in Afrikaans. Vir eerstejaarsmodules word simultane tolking in die lesinglokaal of aanlyn beskikbaar gestel. Vrae sal beantwoord word in dieselfde taal as die vraag mits die dosent oor die taalvaardigheid beskik.
- **Lesing in slegs een taal (A/E/X)**
Lesings kan in Engels of een van die ander twee tale aangebied word mits die dosent en al die studente in die groep op 'n akademiese vlak vaardig is in die betrokke taal. Waar moontlik, sal simultane tolking in Afrikaans, Engels of isiXhosa in die lesinglokaal of aanlyn aangebied word. Ander leergeleenthede (konsultasies en tutoriale) sal in Afrikaans en Engels aangebied word mits die dosent vaardig is in albei tale.

Elke fakulteit moet 'n taalimplementeringsplan vir die volgende akademiese jaar opstel vir goedkeuring deur die Senaat. Sodra die plan goedgekeur is, moet die fakulteit die plan op sy webblad beskikbaar stel. Die plan dui aan watter van die drie taalopsies van toepassing sal wees op elke akademiese module. Besoek jou fakulteit se webblad om jou te vergewis van die taalopsies wat op jou spesifieke modules van toepassing sal wees.

2. Leermateriaal:

- Alle voorgeskrewe leesstof word in Engels voorsien.
- Voorgeskrewe leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien waar dit redelijkerwys doenlik** is.
- Moduleraamwerke en studiegidse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- Waar dit redelijkerwys doenlik** is, en waar 'n pedagogiese behoefte bestaan, word isiXhosa en ander tale gebruik om konsepte verder vas te lê, soos deur die insluiting van meertalige woordelyste met kernbegrippe en akademiese terme.

3. Assesserings en vraestelle:

Assesserings en vraestelle vir voorgraadse modules word in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel, en studente mag dit in Afrikaans of Engels voltooi.

NAGRAADSE LEER EN ONDERRIG

- Lesings kan in Engels of een van die ander twee tale aangebied word mits die dosent en alle studente in die klasgroep op 'n akademiese vlak vaardig is in die taal wat gebruik word.
- Nagraadse assesserings en vraestelle sal in ten minste Engels beskikbaar wees, en moet dan in Engels voltooi word tensy spesiale reëlins vooraf getref is, en die student en die dosent albei vaardig is in die gekose taal.

STUDENTEGEMEENSAPPE

In studentegemeenskappe soos koshuise en wyke van die Privaat Studente-Organisasie (PSO) moet taalgebruik verseker dat almal ingesluit word en almal kan deelneem. Gedurende die jaarlikse verwelkomingsperiode in Januarie/Februarie 2022 behoort jy al die inligting wat gedeel word, te kan verstaan sodat dit jou help om vinnig by die studente-lewe aan te pas. Die meertalige ingesteldheid van respek en verdraagsaamheid vir veelvuldige kulture en tale is van besondere belang in hierdie ruimtes. Studentegemeenskappe moet ook jaarliks taalimplementeringsplanne indien en verslag doen oor die nakoming van hulle planne.

TAALSENTRUM BIED ONDERSTEUNING

Die US se Taalsentrum lewer verskeie taalsteundienste, naamlik lees- en skryfontwikkelingsteun; taaldienste, waaronder vertaal-, tolk- en redigeerdienste; en navorsing oor taal en taalgebruik.

Die Taalsentrum bied ook modules aan in professionele kommunikasie, in akademiese geletterdhede, en in taalverwerwing vir Afrikaans, Engels, isiXhosa en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Besoek die Taalsentrum se webblad om te sien watter dienste jou op jou akademiese reis kan ondersteun.

TAALBEPLANNING EN -KLAGTES

Die US se Taalbeleid 2021 skep ruimte vir 'n inklusiewe en diverse akademiese gemeenskap wat die rykheid van ons Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël, en vorm die sambreel vir taalgebruik aan die US. Die beleid kan egter nie perfekte toepassing waarborg nie. Veranderinge en foute sal noodwendig voorkom, maar dit kan doeltreffend bestuur word.

Soos reeds aangedui, moet fakulteite volgens 'n vasgestelde jaarlikse skedule taalimplementeringsplanne indien en verslag doen oor die nakoming van hulle planne. Fakulteite moet ook intern konsulteer oor enige veranderinge buite hierdie tydsraamwerk, en by die eerste volgende Fakulteitsraads- en Senaatsvergadering verslag doen. Die fakulteit sal studente wat deur hierdie veranderinge geraak word, so gou prakties moontlik in kennis stel.

In studentegemeenskappe kan klagtes oor die toepassing van die Taalbeleid 2021 by die huiskomitee of inwonende hoof aangemeld word. Indien klagtes nie op koshuis- of PSO-vlak opgelos kan word nie, kan dit by die Direkteur: Studentegemeenskappe ingedien word, of verder verwys word na die Senior Direkteur: Studentesake.

Jy kan klagtes oor die toepassing van die beleid in die akademiese omgewing via jou fakulteit se klagteprosedure indien; of by die betrokke personeellid of departementshoof. Klagtes kan ook na die dekaan verwys word. Indien enige van hierdie strukture nie voldoende sou wees nie, kan jy klagtes na die US-ombud verwys om in konsultasie met die relevante strukture besleg te word.

Besoek gerus die Taalbeleid-webblad indien jy enige vrae het oor die Taalbeleid wat in 2021 goedgekeur is: www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Language.aspx www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Multilingualism.aspx

** Transtaligheid is 'n versamelterm vir 'n konteks waarin meertalige persone die taalhulpbronne tot hulle beskikking gebruik om met mekaar en met tekste om te gaan om betekenis te skep. In klaskamerverband is die doel om leer deur middel van verskeie strategieë te verdiep, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, oorskakeling tussen tale (code-switching), vertaalpraktyke, dubbeltaligheid (co-language) en tolking, sonder enige poging om kommunikasie of omgang met tekste tot een taal of taalvariëteit te beperk.*

***Die Taalbeleid 2021 en die toepassing daarvan word gerig deur wat in spesifieke kontekste redelikerwys doenlik is. In die praktyk beteken dit dat elke situasie oorweeg sal word op meriete en faktore, byvoorbeeld die aantal studente wat by die reëling sal baat vind; die taalvaardigheid van personeel en studente; en die Universiteit se hulpbron-, rooster- en lokaalbeperkings. Ander bepalende faktore sluit in die samestelling van elke klasgroep wat ook van jaar tot jaar verander, of selfs van een semester tot 'n volgende, en onvoorsiene personeelveranderinge.*



JOU REIS NA AKADEMIESE SUKSES BEGIN HIER



Die verwelkomingstydperk is die begin van 'n reis na akademiese sukses. Dié reis duur so lank as wat jy aan die US studeer. Reeds in die verwelkomingsweek begin jy verskillende dele van jou US-lewe integreer en sal jy leer dat koshuise, PSO-wyke en klusters waarde-gedrewe omgewings is wat deur gasvryheid, vriendelikheid en menswaardigheid gekenmerk word.

As 'n nuwelingstudent betree jy 'n fase van vinnige ontwikkeling. Onthou, jou sosiale en emosionele aanpassing by die universiteits-lewe vorm 'n integrale deel van jou leerreis en persoonlike ontwikkeling. Hou veral die volgende in gedagte:

'n Nuwelingstudent ondergaan 'n intensiewe fase van verandering waartydens "bekende" houdings, waardes en gedragspatrone dikwels aangepas en ontwikkel word. Daarmee saam ontwikkel uitdagende en inspirerende denkpatrione. (Navorsing toon dat jy en jou mede-eerstejaars tydens die verwelkomingstyd meer gereed is vir verandering as in enige ander stadium van julle universiteits-loopbane.)

Jou bekendstelling aan sosiale en gemeenskapstrukture in die verwelkomingsweek is baie belangrik. Dit sluit strukture soos klusters, koshuise, PSO-wyke, mentorgroepe, fakulteite (soos studie- en tutorgroepe), sportklubs en verenigings in.

Rolmodelle wat die US se waardes uitleef en sukses op hulle leerreise behaal, kan vir jou van groot nut wees.

Dit is baie belangrik dat jy as deel van die verwelkomingsprogram jou fakulteit se administratiewe en akademiese vereistes noukeurig en betyds nakom. Só maak jy seker jy is op die eerste dag van klasse gereed vir die aanvang van die akademiese deel van jou leerreis.

Die twee belangrikste ontwikkelingsfases van 'n nuwelingstudent se leerreis is:

- Die hantering van vryheid (waarvoor en hoe om nee te sê); en
- Hoe om namens jouself te onderhandel.

Begin reeds in die verwelkomingsweek hiermee. Vra jouself af hoe die verskillende aspekte van die verwelkomingsprogram by die groter prentjie inpas.

Vra jouself die volgende vrae oor elke aktiwiteit waaraan jy tydens die verwelkomingsweek deelneem. (Onthou, dit sluit alles in, ook jou eie besluit om soms nie aan aktiwiteite deel te neem nie.)

- Hoe bevorder dit my reis na suksesvolle studie (leerreis)?
- Stel dit my as nuwelingstudent aan positiewe sosiale verhoudinge en groepe bekend?
- Dra dit by tot my emosionele stabiliteit en ontwikkeling?
- Help dit my om by gesonde luister-, leef- en leergemeenskappe aan te sluit en moedig dit my aan om selfstandig dog ook interafhanklik deel te neem?
- Skep dit 'n rustige, veilige en opbouende luister-, leef- en leerruimte waar ek duidelikheid oor die aard, inhoud, keuse en vorm van my leerreis kan kry?

STUDENTE MET GESTREMDHEDE

INLIGTINGSESSIE VIR STUDENTE MET GESTREMDHEDE EN HULLE OUERS

Studente met gediagnoseerde gestremdhede wat ondersteuning soos ekstra skryftyd, akademiese ondersteuning en toeganklike tekste benodig, word uitgenooi om die inligtingssessie by te woon. Ons bespreek verskillende ondersteuningsmeganismes wat by die US moontlik is. Dit **sluit** inligting oor die Nasionale Normtoetse **uit** (besoek www.nbt.ac.za of bel 021 650 3523).

STELLENBOSCH-STUDENTE EN HULLE OUERS

DATUM Donderdag 3 Februarie 2022.
Instapessies van 10:00 tot 15:00.

PLEK Lokaal 357 (derde verdieping), Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou, hoek van Merrimanlaan en Ryneveldstraat – **vir studente met visuele- en leergestremdhede wat alternatiewe teksformate benodig en navrae oor ondersteunende tegnologie het.**

Den Bosch, Huis Simon Nkoli House, Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling, Victoriastraat 39 – **vir studente met gestremdhede wat algemene navrae oor gestremdhedsverwante sake het.**

TOETS- EN EKSAMENKONSESSIES (STELLENBOSCH- EN TYGERBERG-KAMPUS)

SPERDATUMS

Die sperdatums vir aansoeke vir konsessies soos ekstra skryftyd vir toetse en eksamens is:
Maandag 28 Februarie
Vrydag 29 April
Maandag 15 Augustus
Maandag 3 Oktober.
Verwag 'n antwoord binne 10 werksdae ná elke sperdatum.

AANSOEKVORMS

Aansoekvorms is onder eksamen- en toetsinligting beskikbaar op die US se webblad:
www.sun.ac.za/afrikaans/students/Pages/TestsandExams.aspx.
Stuur voltooide Vorm 1, 2 en 3 per e-pos aan skryftyd@sun.ac.za.

NAVRAE

Die Eksamenkantoor op die Stellenbosch-kampus:
Admin A (nr. 1 op die kaart), tel: 021 808 9111.

Die Eksamenkantoor op die Tygerberg-kampus:
Me Pumeza Soga, tel: 021 938 9309,
kamer 1050, Kliniese-gebou (nr. 3 op die kaart).

EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID (EvG)

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG), gesetel in Huis Simon Nkoli House, is geïnspireer deur die Suid-Afrikaanse Handves van Regte waarvolgens daar teen niemand onbillik gediskrimineer mag word nie. Die kernfunksie van die eenheid is om studente en personeel wat geviktiseer, seksueel geteister en onbillik teen gediskrimineer word en slagoffers van geslagsgeweld is, by te staan deur middel van 'n vertroulike klagteprosedure (formeel of informeel). Die EvG verskaf dienste, opleiding en ingrypings teen geslagsgeweld. Dit verskaf ook gratis seksuele gesondheidsinligting, dienste en ondersteuning aan studente. Dit sluit MIV-toetsing, berading en deurlopende ondersteuning in sowel as die gratis verspreiding van produkte wat veilige seks bevorder soos interne en eksterne kondome en smeermiddels. Ondersteuning en dienste is ook beskikbaar aan studente van die LGBTQIA+-gemeenskap en enigiemand wat ondersteuning benodig rakende hulle seksualiteit of geslagsidentiteit.

Die eenheid doen 'n beroep op studente om na vore te kom as hulle enige vorm van onbillike diskriminasie, teistering of viktisasie ervaar. Empatie, prosedurele billikheid en vertroulikheid is die hoekstene van hierdie eenheid se werk en dienste.

E-POS:

unfair@sun.ac.za (vir die aanmeld van onbillike diskriminasie of teistering)

hiv@sun.ac.za (vir MIV en LGBTQIA+ verwante aangeleenthede)

TEL: 021 808 3136

WEBBLAD: www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/equalityunit

FACEBOOK, TWITTER EN INSTAGRAM: @EqualityUnitSU

ADRES: Huis Simon Nkoli House, Victoriastraat 39, Stellenbosch

IS JY GETEISTER OF ONBILLIK TEEN GEDISKRIMINEER?

Indien enige student teen gediskrimineer of geteister word weens ras, geslag, seksuele oriëntasie, gesondheid, etniese en sosiale oorsprong, ouderdom, godsdiens, gestremdheid, kultuur, taal of oortuiging, is die Eenheid vir Gelykwaardigheid hier om te help.

Studente kan vertroulik, informeel en/of formeel voorvalle van onbillike diskriminasie of teistering aanmeld by een van die Gevalbeamptes van die Eenheid vir Gelykwaardigheid. Volg hierdie stappe vir die klagteprosedure:

1. Kontak een van die Eenheid vir Gelykwaardigheid se Gevalbeamptes via e-pos by **unfair@sun.ac.za** om 'n voorval aan te meld en 'n ontmoeting te reël.
2. Die Gevalbeampte sal jou help om 'n assesseringsvorm in te vul en verwys na 'n gekwalifiseerde berader om jou te help om deur die moeilike situasie te werk.
3. Nadat 'n Gevalbeampte gespreek is, sal addisionele onderhoude gevoer word met alle partye wat geraak is, getuies en die respondent/e.
4. Sodra al die inligting versamel is, sal die Eenheid vir Gelykwaardigheid aanbevelings maak aan die klaer en respondent.
5. Aanbevelings kan bemiddeling, verwysing na die Kantoor vir Studentedissipline, 'n departement binne die US of die Afdeling Menslike Hulpbronne insluit. Die Eenheid vir Gelykwaardigheid kan ook die situasie na 'n ondersoekpaneel verwys vir verdere bespreking.



MENSEREGTE, DIE US SE WAARDES EN DISSIPLINÊRE KODE

Die Universiteit Stellenbosch (US) verwelkom oop gesprek, en wil 'n kultuur van waagmoedige debat op ons kampusse aanmoedig. Interaksie en dialoog behoort in alle aspekte van die kampuslewe geïntegreer te word, naamlik in klasgesprekke, oor 'n koppie koffie in studente-hubs, en alle klusters en leefareas. Studente moet krities kan dink oor die uitdagings en kwessies in die samelewing. Dit is hoe denkleierskap ontwikkel, 'n belangrike eienskap van ons graduandi.

DISSIPLINÊRE KODE VIR STUDENTE

Toe jy die US se aansoekvorm onderteken het, het jy onderneem om jou van alle reëls, reglemente, beleide, voorskrifte en die dissiplinêre kode vir studente te vergewis. Indien jy van 'n oortreding aangekla word, kan jy dus nie onkunde as verweer gebruik nie.

Die dissiplinêre kode vir studente bepaal dat 'n individu skuldig is aan wangedrag onder meer as hy/sy op onregmatige wyse inbreuk maak op 'n ander persoon se fundamentele regte soos vervat in die Handves van Regte, hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet, of strydig met enige ander landswette, reëls, reglemente of voorskrifte van die US optree. Dit sluit ook in haatspraak, seksuele teistering, viktimisering, gewelddadigheid of oproerigheid, onwelvoeglike of onbetaamlike gedrag, die geestelike vernedering van medestudente of personeel, en aanranding. Gebruik dus jou goeie oordeel en tree verantwoordelik op, veral ook wanneer jy sosiale media gebruik. **Neem asseblief kennis van die Universiteitskennisgewing oor die gebruik van sosiale media.**

Hoewel wetgewing, beleide, riglyne en kodes nodig is om 'n orde-lyke samelewing te verseker, beywer die US hom daarvoor om deur gedeelde waardes 'n verwelkomende kampuskultuur te skep.

MELD KWESSIES OF KLAGTES SÓ AAN

Studente word aangemoedig om via die verskillende interne prosesse en stelsels kwessies, klagtes of griewe aan te meld. Elke fakulteit het studenteverteenwoordigers wat op die Akademiese Belangeraad (ABR) dien, 'n filiaal van die Studenteraad. In die sosiale omgewing het die klusters en koshuise ook studente-leiers wat studente kan bystaan. Studente kan ook met die Afdeling Studentesake in verbinding tree deur e-pos te stuur aan **studentesake@sun.ac.za**.

Indien interne prosesse of stelsels nie 'n saak na wense oplos nie, kan studente die volgende aanmeldpunte benut:

• Ombudspersoon

Die US het 'n onafhanklike ombudspersoon wat aandag gee aan probleme en klagtes van studente, ouers of personeel indien dit nie bevredigend deur universiteitsstrukture opgelos kon word nie, of indien bestaande strukture ontoereikend gevind word.

E-pos: ombud@sun.ac.za

Kontaknommer: 082 807 2994 of 021 883 9128

Kantooradres: Ryneveldstraat 34, Ryneveld Plaza, Stellenbosch

Om afsprake te maak: Stuur e-pos aan Grace Bruintjies by graceb@sun.ac.za

• Etiekhulplyn

Die US is al jare lank ingeteken op 'n onafhanklike etiek-rapportering-slyn vir die anonieme aanmelding van ongerymdhede. Die diens word onafhanklik deur **Deloitte** bestuur.

Tel: 0800 204 549

Faks: 0800 007 788

E-pos: sun@ethics-line.com

Webblad: www.tip-offs.com

• Eenheid vir Gelykwaardigheid

Voorvalle van onbillike diskriminasie, viktimisering, seksuele teistering en ander vorms van teistering kan by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangemeld word deur e-pos te stuur aan **unfair@sun.ac.za**. Neem asseblief kennis van die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering.

DIE US SE WAARDES

DEERNIS

Erkenning van en besorgdheid oor die welstand van al ons studente en personeel

BILLIKHEID

Restitusie in reaksie op ons vorige nalatenskap en regverdigheid in ons strewes

RESPEK

Beleefdheid in ons onderlinge en openbare diskoers, behoorlike inagneming van almal se vryheid, gelykheid en waardigheid, en respek vir die omgewing

VERANTWOORDBAARHEID

Die aanvaarding van die hoogste vlak van verantwoordelikheid vir ons optrede

UITNEMENDHEID

Akademiese vryheid om kennis na te jaag wat aan die hoogste standaarde van integriteit, vernuwing en relevansie voldoen

BELANGRIKE KENNISGEWING OOR SOSIALE MEDIA

Die Universiteit Stellenbosch erken die belang van die internet en sosiale media in openbare meningsvorming oor die Universiteit, sy dienste, studente, personeel en belanghebbendes. Die Universiteit erken ook die belangrike rol van studente- en personeelinteraksie op sosiale media om gesprekke te help stimuleer. Daarom word studente en personeel aangemoedig om aanlyn oor universiteit-sake of verwikkelinge in die hoërondewyssektor te kommunikeer. Dit is egter belangrik om te onthou dat die **gebruik van sosiale media as 'n kommunikasiekanaal onderworpe is aan bestaande beleide en prosedures** van die Universiteit, in die besonder:

- Die Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch (vir studente);
- Die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering (vir personeel en studente); en
- Die Elektroniese Kommunikasiebeleid (vir personeel en studente).

Alle studente en personeel is self verantwoordelik om hierdie beleide na te kom, en behoort tyd daaraan af te staan om dit te lees en te verstaan. Die beleide verbied wangedrag, teistering en viktimisasie op enige aanlyn platform. Aanlyn afknouery, skeltaal, naamskending, laster en/of beledigings val in dieselfde kategorie as soortgelyke kommunikasie van aangesig tot aangesig of op skrif.

Bewerings van aanlyn wangedrag, teistering en viktimisasie word dus in 'n ewe ernstige lig as soortgelyke optrede deur die tradisionele kanale van mondelinge of skriftelike kommunikasie beskou.

Persone wat deur sulke gedrag (soos wangedrag, teistering of viktimisasie op sosiale media) benadeel word, kan dit by die Universiteit Stellenbosch se **Eenheid vir Gelykwaardigheid** aanmeld, wat op hulle beurt die saak na gelang van omstandighede na die Afdeling Studentedissipline (vir studente) of die Afdeling Menslike Hulpbronne (vir personeel) sal verwys.

Die kontakbesonderhede van die Eenheid vir Gelykwaardigheid is soos volg:

- unfair@sun.ac.za
- 021 808 3136
- Victoriastraat 39, Stellenbosch

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie ontwikkel tans 'n omvattende beleid oor sosiale media. Totdat dit in werking tree, bly die bepalinge van bestaande beleide en dié kennisgewing van krag.



VERSEKERING: STUDENTE EN HULLE EIENDOM

“'n Veilige kampus vir almal” Dié woorde gee uitdrukking aan 'n kernstrewende van die Universiteit Stellenbosch. Nie alleen voer die Universiteit 'n deurlopende veldtog om personeel, studente en besoekers bewus te maak van potensiële risiko's wat hulle veiligheid en/of gesondheid kan bedreig nie, maar waar nodig, word die US Risikobestuur en Kampussekuriteit en die Suid-Afrikaanse Polisiediens ook betrek om sekuriteitsmaatreëls deurentyd toe te pas en te monitor.

Studente neem deel aan onder meer akademiese uitstappies, laboratoriumproefnemings, sport en ander vrywillige aktiwiteite, waar hulle oral aan risiko's blootgestel kan word. Die Universiteit neem alle redelike maatreëls om studente en hulle eiendom te beveilig wanneer hulle deelneem aan hierdie aktiwiteite en tydens hulle alledaagse kampuslewe.

Dit is egter onmoontlik om alle risiko's uit te skakel. Aangesien dit nie vir die Universiteit moontlik is om studente en hulle eiendom teen alle risiko's te beskerm nie, neem studente op eie risiko aan aktiwiteite deel.

Die Universiteit neem wel versekering vir persoonlike ongelukke uit vir beserings wat jy kan opdoen terwyl jy deelneem aan aktiwiteite wat met jou studies verband hou. Die dekking sluit aktiwiteite op kampus, in laboratoria's en tydens uitstappies in. Stel die Universiteit dadelik in kennis as jy 'n eis het. Jy moet ook die vorm vir versekeringseise so gou as moontlik invul. Die Universiteit is nie aanspreeklik vir eise wat nie deur hierdie versekering gedek word nie. Die Universiteit wil dit graag onder jou aandag bring dat elke student verantwoordelik is vir sy/haar eie versekering en beveel dus aan dat hy/sy voldoende omvattende versekeringsdekking sal uitneem vir sy/haar persoonlike besittings.

GRATIS SKRYFADVIES

Benodig jy 'n ekstra hupstootjie met jou skryftake?

Is daar skryfkwessies wat pla?

Die Skryflab van die US se Taalsentrum bied gratis een-tot-een skryfkonsultasies aan alle studente en personeel. Vriendelike, opgeleide konsultante ondersteun studente graag met raad oor hulle skryfwerk. As jy nie aan die gang kan kom met 'n skryfopdrag nie of bekommerd is dat jou idees nie duidelik en vloeiend genoeg is nie, kan die Skryflab jou help. Ons help jou om jou skryfvaardighede te ontwikkel en te verfyn, en dit behoort beslis tot beter punte te lei.

'n Konsultasiesessie is 50 minute lank, maar ons moedig jou aan om ook vir opvolgkonsultasies afsprake te maak totdat jy tevrede met jou skryfwerk is.

Ons doen nie redigering by die Skryflab nie. Ons gee jou eerder raad oor hoe om jou skryfwerk te verbeter. Ons streef daarna om jou as skrywer toe te rus met skryfvaardighede wat jy ook in ander skryftake sal kan gebruik – op Universiteit en daarna.

Bespreek jou konsultasie aanlyn op KENAKO, die Skryflab se elektroniese afspraakstelsel, beskikbaar op die My.SUN-portaal. Jy kan ook die Skryflab besoek in die Taalsentrum by Banghoekweg 44, Stellenbosch. Afsprake moet minstens 48 uur vooruit gemaak word.

Kontakbesonderhede

Anne-Mari Lackay: amlackay@sun.ac.za

Vinelene Hartley: vhartley@sun.ac.za

021 808 2989/2161

Besoek ons webwerf vir meer inligting oor ander Taalsentrum-dienste (<https://languagecentre.sun.ac.za/>)

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH KO-KURRIKULÊRE ONDERSTEUNINGSFONDS (USKOF)

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH KO-KURRIKULÊRE ONDERSTEUNINGSFONDS

Die Universiteit Stellenbosch se Ko-Kurrikulêre Ondersteuningsfonds (USKOF) is 'n reisbeursfonds vir studente vir nasionale en internasionale ko-kurrikulêre geleenthede, soos konferensies vir studenteleierskap en ander geleenthede wat studente en ons gemeenskap sal bevoordeel.

KOM EK IN AANMERKING OM AANSOEK TE DOEN OM FINANSIERING?

- Het die geleentheid 'n ko-kurrikulêre tema?
- Sal ek binne die minimum tyd van die program plus een jaar afstudeer?
- Indien ek in my eerste jaar aan die US is, het ek my eerste semester suksesvol voltooi?

WAARVOOR KAN EK DIE FINANSIERING AANWEND?

- Vliegtuigkaartjies
- Visumfooi
- Konferensiegelede
- Verblyf
- Vervoer

Aansoeke word volgens die diskresie van die USKOF-komitee oorweeg, ingevolge Covid-19-regulasies en moontlike risiko's.

Besoek www.sun.ac.za/sucsf vir meer inligting.

VERWELKOMINGSAMBASSADEURS

Studente in geel T-hemde doen gedurende die verwelkomingsweek by verskillende punte op die Stellenbosch-kampus diens om inligting en rigtingaanwysings na die lokale waar nuweling-studente en hul ouers moet wees, te verskaf. Die verwelkoming-sambassadeurs is goed ingelig oor die programinhoud en waar die betrokke lokale geleë is. Vra gerus jou vrae aan hierdie ambassadeurs.

Daar is ook 'n navrae-toonbank in Admin A (geleë op die T-aansluiting van Ryneveld- en Crozierstraat, Stellenbosch).

Navrae kan ook gerig word aan Kliëntediens by:

E-pos: info@sun.ac.za
Tel: 021 808 9111
Instansië: Navrae-toonbank in Admin A

STUDENTEVERENIGINGS SE UITVOERENDE KOMITEE



VOORSITTER
twicomb@sun.ac.za



ONDERVOORSITTER
20746202@sun.ac.za



HOOF-ADMINISTRATEUR
21743339@sun.ac.za



FINANSIËLE RAADGEWER
24048437@sun.ac.za



REGISTRATEUR
21974616@sun.ac.za

VIND ONS HIER:

@SocietiesSU



VOORREGISTRASIE-KLARING (VERIFIKASIE) VAN INTERNASIONALE GRAADSTUDENTE

DOKUMENTASIE VIR AKADEMIESE REGISTRASIE 2022

1. SUID-AFRIKANERS MET BUITELANDSE SKOOLKWALIFIKASIES (NUWELINGE)

- Voorregistrasie-klaring is nie van toepassing op hierdie studente nie.
- Studente moet gewaarmerkte afskrifte van hul finale uitslae per e-pos stuur aan me Chantal Grove-Le Guillou by chantalg@sun.ac.za.

Sluit asseblief jou VAN en US-STUDENTENOMMER by die onderwerplyn van alle e-pos-korrespondensie in.

2. EERSTEJAAR INTERNASIONALE VOORGRAADSE STUDENTE (NUWELINGE)

- Eerstejaar internasionale voorgraadse studente hoef nie aansoek te doen vir hul matrikulasie-vestigingsertifikaat voor registrasie vir die 2022 akademiese jaar nie. Aansoeke vir matrikulasievestiging geskied vanaf September 2022.
- Doen asseblief 'n aanlyn assessering op USAF se webblad by <https://mbit-application.usaf.ac.za/assessment/online-assessment/> om seker te maak jy voldoen aan matrikulasie-vestiging.
- Stuur 'n gewaarmerkte afskrif van jou finale uitslae per e-pos na suiundergrads@sun.ac.za voordat voorregistrasie-klaring kan geskied.

Jy sal 'n e-pos kry wat bevestig dat jy wel aan die vestellingsvereistes voldoen. Laat asseblief minstens drie tot vyf werksdae toe om vir antwoorde te wag.

3. VOORREGISTRASIE-KLARING VIR ALLE INTERNASIONALE STUDENTE (VOORGRAADS & NAGRAADS)

- Voordat jy vir jou akademiese studieprogram kan registreer, moet jou dokumente deur US Internasionaal geverifieer word deur middel van 'n proses wat as voorregistrasie-klaring bekend staan.
- Voorregistrasie-klaring geskied per e-pos vanaf Maandag 3 Januarie 2022.
- Alle internasionale studente, waaronder studente met permanente verblyfreg en vlugteling- en asielsoekerstatus, moet afskrifte van die stawende dokumentasie verskaf vir voorregistrasie-klaring voordat hulle vir die akademiese program kan registreer.

Stuur 'n e-pos met die verpligte dokumentasie na die volgende e-posadresse en gebruik jou VAN en US-STUDENTENOMMER as verwysing in die e-pos se onderwerplyn:

Stellenbosch-kampus: intpreregistration@sun.ac.za

Tygerberg-kampus (voorgraadse studente):

tygselections@sun.ac.za / bdgeyer@sun.ac.za

Tygerberg-kampus (nagraadse studente): intertyg@sun.ac.za

- 'n Afskrif van jou geldige paspoort.
- 'n Afskrif van jou geldige studievizum wat uitgereik is om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.
- 'n Bewys dat jy mediese dekking met deur middel van 'n Suid-Afrikaanse mediese fonds het vir die volle jaar (Januarie tot Desember 2022). Studente word aangeraai om die lys van Studente Mediese Dekkingsopsies op die volgende webwerf na te gaan: **SA MEDIESE DEKKING**
- 'n Bewys van betaling van die minimum verpligte aanvanklike fooi of 'n beursbrief soos per 2022 se Verpligte Fooie-dokument.

'n E-pos ter bevestiging sal aan jou gestuur word sodra die voorregistrasie-klaring afgehandel is. Jy sal dan met die aanlyn registrasie van jou akademiese program kan voortgaan. Laat asseblief drie tot vyf werksdae vir 'n antwoord toe.

Alle voorgraadse internasionale eerstejaarstudente moet dieselfde verwelkomingsprogram as die Suid-Afrikaanse studente volg soos by die volgende skakel: www.sun.ac.za/english/students/Pages/Registration.aspx

Sluit asseblief jou VAN en US-STUDENTENOMMER by die onderwerplyn van alle e-pos-korrespondensie in.

Laat asseblief minstens drie werksdae reaksietyd toe.

BIBLIOTEEK

Oriëntering word van 7-9 Februarie 2022 in die Universiteit Stellenbosch Biblioteek aangebied om nuwe studente vertrouwd te maak met die volgende aspekte van die biblioteek:

- Ontmoet jou vakgebied/kursus se bibliotekaris
- Eerstejaarsinligting op die biblioteek se tuisblad
- Eerstejaarsake: "assignments step by step"

DEELNEMERS AAN DIE ORIËTERINGSPROGRAM HET DIE KANS OM 'N PRYS TE WEN.



Oriënteringsprogramme word ook by die volgende takbiblioteke aangebied: Teologie, Musiek, Ingenieurswese & Bosbou, en Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe. Die oriënteringsprogram word in die daaropvolgende week met individuele opleiding, onder die vaandel GetSmart@URLibrary, opgevolg.

Ons nooi graag alle ouers van nuwelingstudente om die Universiteit Stellenbosch Biblioteek tydens die verwelkomingsstydperk te besoek. Kom kyk na die fasiliteite en dienste wat beskikbaar is, en besoek gerus ons Africana-versameling van wêreldgehalte.

Leersentrum en e-klaskamer. Ons e-versameling sluit alle onderwerpe in, sowel plaaslik as internasionaal.

Die Universiteit Stellenbosch Biblioteek is verbind tot die ondersteuning van die akademiese sukses van studente.

DIE FAKULTEITSPROGRAMME DUI DIE DATUM EN TYD VAN BIBLIOTEEKBESOEKE AAN!

Navrae: Pieter du Plessis
Tel: 021 808 4882
E-pos: pdupless@sun.ac.za
Webblad: www.library.sun.ac.za

MATIES SPORT



JY! JA, JY!

Het jy aan sport deelgeneem toe jy op skool was? Oorweeg jy dit om by die Universiteit Stellenbosch by 'n sportklub aan te sluit? Doen dit! Daar is ook 'n e-sport-liga. En as sport nie vir jou is nie, kan jy steeds deel wees van die maroenmasjien deur 'n #MatiesM-VF (*most valued fan*) te word. Volg ons op Facebook, Instagram en Twitter en word deel van die groter Maties Sport-familie.

Maties Sport heg groot waarde aan die bydrae wat sport tot studentesukses kan lewer – hetsy jy 'n hoëprestasie-atleet is, of iemand wat net graag aktief en gesond wil wees.

Deelname aan sport leer studente selfdisipline en tydsbestuur en bied 'n belangrike uitlaatklep vir stres en spanning. Of jy nou op mededingende vlak aan sport deelneem of net vir ontspanning – dit bied aan jou die geleentheid om te sosialiseer, vriende te maak en 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl te handhaaf.

Maties Sport aanvaar medeverantwoordelikheid vir die optimale holistiese ontwikkeling van studente-atlete en die bemagtiging van hoëprestasie-atlete. Daarom belê Maties Sport in sy hoëprestasie-sportkodes sowel as sy aktiewelewenstylprogram – en dit bied aan ALLE studente die geleentheid om 'n gesonder en gelukkiger lewenstyl na te volg.

Maties Sport het 30 sportklubs, wat dit maklik maak om 'n sportsoort te vind wat by jou behoeftes en vaardighede pas.

Hoëprestasiesportkodes is: rugby, hokkie, netbal, sokker, atletiek, swem, krieket, basketbal en tennis. Mededingende sportkodes is: fietsry, tafeltennis, muurbal, pluimbal, gholf, gimnastiek, roei, kanovaart, seil, waterpolo, branderry, judo, perdry, vlugbal, skerm en skaak. Rekreasie en aktiewe lewenstylsportkodes is: perdryklub, onderwatersport, vlugbal, Ultimate (*frisbee*) en rasieleiers (*cheerleaders*). Die Maties Parasportklub bied ook atletiek, swem, fietsry, rolstoelrugby en doelbal vir persone met gestremdhede.

Jy sal die geleentheid hê om deel te neem aan plaaslike sowel as streek-, nasionale en selfs internasionale kompetisies, soos:

- Varsity Cup, Varsity Sports, Intervarsity en USSA;
- Streek- en plaaslike ligas;
- Koshuisligas en -kompetisies.

Net 'n paar studente-atlete sal die voorreg hê om vir 'n Varsity Cup-, Varsity Sports- of USSA-span gekies te word, maar dit is nie 'n rede om by die huis te bly nie. Die fokus val net soveel op die ondersteuners as die spelers, en daarom het Maties Sport 'n veldtog begin om #MatiesMVF's (*most valued fans*) aan te moedig om hulle spanne te ondersteun wanneer hulle tuis speel.



VIND BAAT BY:

Die Eenheid vir Hoëprestasiesport (<https://blogs.sun.ac.za/high-performance>). Bystand fokus hoofsaaklik op drie kerngebiede, naamlik sportmedisyne, prestasieverbetering en bemagtiging.

Die Eenheid vir Rekreasie en 'n Aktiewe Lewenstyl (RALU) wat die fisieke welwees van studente en personeel bevorder en 'n omgewing skep waar nie-konvensionele sport en aktiwiteite geniet en gespeel kan word.

Die Sentrum vir Sport-leierskap en Maties Gimnasium.

LAAI AF:

Kry die Maties-selfoontoepassing en bly op die hoogte van aktiwiteite – veral sportgebeure wat op kampus plaasvind.

KONTAKINLIGTING:

Tel: 021 808 4642
E-pos: matiesport@sun.ac.za
Webblad: www.sun.ac.za/sport
Facebook: @SUMatiesSport
Twitter: @MatiesSport
Instagram: @MatiesSport



MATIES GIMNASIUM

Ons verwelkom graag alle nuwe studente! Ons hoop opreg dat jy en jou geliefdes almal veilig, fiks en gesond sal wees.

Alle US-studente ontvang 15%-afslag op ons gewone gimnasium-fooie. Daarbenewens bied ons verskeie lidmaatskapsopsies, wat wissel tussen 1 tot 12 maande, sodat jy die pakket kan kies wat jou die beste pas. Alle lidmate van Maties Sportklub sal 'n addisionele 5%-afslag op hulle lidmaatskapsfooie ontvang (bewys van sportklub-lidmaatskap word benodig by aansluiting). Sien asseblief ons webwerf vir meer inligting of kontak die gimnasium om uit te vind watter prysopsies beskikbaar is.

Dit is ongelukkig nie meer moontlik om jou lidmaatskapsfooie op jou studenterekening te plaas nie, maar jy is welkom om jou lidmaatskap aanlyn te aktiveer voor die begin van die akademiese jaar deur op die volgende skakel te klik (<https://matiesgym.sun.ac.za/signup/?sid=1>) of die QR-kode te skandeer.

SKANDEER HIER



Voltooi asseblief jou persoonlike inligting soos gevra asook 'n vinnige vraelys oor jou fisiese aktiwiteitsgereedheid en kies die tydsduur van jou kontrak (3, 6, 9 of 12 maande). Sô sal jy die rye by die gimnasium misloop tydens Februarie 2022 en verseker wees van jou lidmaatskap. Al wat jy hoef te doen is om jou vingerafdruk by die gimnasium te skandeer tydens jou eerste besoek om ons nuwerwetse biometrese toegangsbeheer te aktiveer.

Jou lidmaatskap bied jou toegang tot:

- Binne- en buite-swembaddens;
- Vier krag-kringopleidingsareas, waaronder 'n moderne Technogym®-gebied en 'n toegangsarea vir alle toerusting;
- 'n Toegewyde kardiovakulêre opleidingsgebied, waaronder 'n binnenshuise hardlooppaas;
- 'n Hoëprestasiegebied wat aangedryf word deur Eleiko, Technogym, Life Fitness en Keiser;
- Oefenklasse vir groepe; en
- 'n Toegewyde spinfietsateljee.

Wees een van die eerste 100 lede om in 2022 aan te sluit en jy staan 'n kans om jou geld terug te wen. Ons sal drie jaarlikse lidmaatskapsfooie aan drie gelukkige studente teruggee, wat vir meer kontant in jou sak sal sorg!

Neem asseblief kennis dat sekere Covid-19-riglyne steeds in 2022 van toepassing sal wees (sien https://youtube.com/AlcE_n7RDnE).

Ons hoop om jou binnekort in Maties Gimnasium te ontmoet.

Maties Gimnasium
E-pos: gymsales@sun.ac.za
Tel: 021 808 9133
Webblad: www.matiesgym.co.za

SLUIT BY ONS AAN:

- 📷 www.instagram.com/matiesgymnasium/
- 📘 www.facebook.com/MatiesGymnasium

REKENAARGEBRUIKERSAREAS (RGA's)
(STELLENBOSCH-KAMPUS)



TEGNOLOGIE OP KAMPUS

- Studente kan hulle eie toestelle (rekenaars, skootrekenaars, tablette of slimfone) aan die Universiteit se kampusnetwerk koppel, onderworpe aan sekere voorwaardes.
- Om lang toue te vermy, kan jy jou self jou private toestel aanlyn registreer. Meer inligting is beskikbaar by www.sun.ac.za/ITHUB of jy kan die direkte RegisterMe-skakel gebruik.

- Jou sentrale kontakpunt vir alle aanlyn inligting is my.sun.ac.za. Hier sal jy toegang kry tot SUNLearn, jou eksamenuitslae, jou wagwoord kan verander en vele ander dienste.
- Vir alle rekenaar- en IT-verwante inligting, besoek www.sun.ac.za/ITHUB of versoek 'n diens by <http://servicedesk.sun.ac.za>.
- Om op hoogte te bly van IT-nuus op kampus en in die res van die wêreld, volg ons op Twitter by @ITStellenUni.

RGA-INLIGTING

FHARGA

Plek	Van Der Sterr-gebou, h/v Victoria- & Bosmanstraat asook CJ Langenhoven-studentesentrum, Vlak 1 (Neelsie)
Fakulteit	Ekonomiese & Bestuurswetenskappe
Webblad	www.sun.ac.za/english/faculty/economy/ebsk
E-pos	FHARGA@sun.ac.za
Navrae	Neelsie Bestuurder: Johan van Rooyen , Kamer E9.2 Hoof Tegniese Beampte: Chris Bosman , Kamer E8.2 Assistent Tegniese Beampte: Thurlo Muller , Kamer E7.2 CGW Schumann-gebou Tegniese Beampte: Remé du Plessis , Kamer 3053

FIRGA

Plek	Meganiese & Megatroniese Ingenieurswese-gebou Elektroniese klaskamers: M2002, M2004 (tweede verdieping) en M3002 (derde verdieping) RGA (Firga): M1002 (eerste verdieping)
Fakulteit	Ingenieurswese
Webblad	www.firga.sun.ac.za
E-pos	firga@sun.ac.za
Navrae	Bestuurder: Johannes Brand , Kamer M2001 Hoof Tegniese Beampte: Quinton Hendrikse , Kamer M3003 Junior Tegniese Beampte: Bennie Lindoor , Kamer M1007

HUMARGA

Plek	Lettere & Sosiale Wetenskappe-gebou, derde verdieping, Merrimanlaan
Fakulteit	Lettere & Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid & Teologie sowel as blinde en swaksienende studente van alle fakulteite
Webblad	https://humarga.sun.ac.za
Navrae	Bestuurder: Jan Louw , Kamer 301 Assistentbestuurder: Petro Newman , Kamer 301 Hulptoonbank: Kamer 306

NARGA

Plek	NARGA A, B & Oop Area: Admin A NARGA D: Kamer van Mynwese-gebou NARGA E, F, G & H: Natuurwetenskappe, derde verdieping Natuurwetenskappe & AgriWetenskappe
Fakulteit	
Webblad	https://narga.sun.ac.za
E-pos	narga@sun.ac.za
Navrae	AI Perold-gebou Bestuurder: Ilse de Kock , Kamer 2016b Admin A Tegniese Beamptes: Johan van Rooyen & Richard Thompson , Kamer 2091 (Hulptoonbank & Gebruikersondersteuning) Natuurwetenskappe Senior Tegniese Beampte: Brandon April , Kamer 3009 (Windows-sagteware) Hoof: IT Dienste (Wetenskappe): Paul Erasmus , Kamer 3007 (Linux-stelseladministrateur)

NEEM JOU VEILIGHEID
ERNSTIG OP

Studente behoort op Stellenbosch dieselfde voorsorg vir hulle veiligheid te tref as elders in Suid-Afrika. Duisende slimfone, rekenaars en motors lok misdadigers.

VOLG HIERDIE WENKE:

- Moet nooit alleen loop nie, veral nie saans nie. Maak planne om in groepe te loop, gebruik die pendeldiens of vra dat 'n sekuriteitsbeampte jou vergesel.
- Hou jou selfoon en waardevolle artikels buite sig van ander mense.
- Dra te alle tye 'n fluitjie en pepersproei om aandag te trek, indien nodig. Misdadigers haat aandag.
- Kies die veiligste roete, al is dit nie die kortste een nie. Victoria- en Bosmanstraat (Stellenbosch) behoort die kern van jou roete te wees. Hierdie roete word snags deur 'n sekuriteitskantoor beman.
- Vermoed afgeleë gebiede, veral as jy vroeg in die oggend of laatmiddag oefen.
- Wees bewus van jou omgewing. Misdadigers hou daarvan om iemand te teiken wat nie bewus is van sy/haar onmiddellike omgewing nie.
- Bly op 'n veilige afstand as 'n motoris jou vir aanwysings vra.
- As jy vermoed iemand jou volg, verander van rigting.
- Wees 'n omgee-Matie: Vergesel 'n vriend.
- Eiendom op 'n motorsitplek is aantreklik vir 'n dief. Sluit dit toe in die kattebak.
- Belê in 'n u-slot om jou fiets te beveilig en gebruik die fietsloodse op kampus.

Saamstapdiens: As jy ná donker (19:00 tot 05:00) op kampus tussen geboue of van 'n gebou af na jou motor toe moet stap, sal 'n sekuriteitsbeampte jou vergesel. Stuur 'n WhatsApp-boodskap na die sekuriteitskantoor by 082 808 2333 om dié diens te versoek (stemoproep na hierdie nommer is nie moontlik nie). Jy kan ook 021 808 4891 bel om die diens te versoek. 'n Saamstapdiens op die Tygerberg-kampus is ook beskikbaar – WhatsApp die sekuriteitskantoor op die Tygerberg-kampus by 083 938 1841.

BÊRE HIERDIE NOMMERS OP JOU SELFOON

24-uur-noodnommer – Stellenbosch	021 808 2333
Tolvrye nommer	0800 02 58 27
WhatsApp-saamstapdiens	082 808 2333
Algemene navrae	021 808 4202

24-uur-noodnommer – Tygerberg	021 938 9507
Tolvrye nommer	0800 00 67 67
WhatsApp-saamstapdiens	083 938 1841
www.sun.ac.za/veiligheid	



REGISTRASIE 2022

1. 2019年12月31日，甲公司“应付账款”科目所属各明细科目期末贷方余额如下：应付账款—A公司100万元，应付账款—B公司200万元，应付账款—C公司150万元，应付账款—D公司80万元。甲公司2019年12月31日资产负债表“应付账款”项目期末余额为（ ）万元。
 A. 530
 B. 430
 C. 330
 D. 230



**Volhousters:
gasthouder**

Rakts en
modulatie

blodverslett
en
grundebruk

**condere
in directo**

Example on
vectors

Discussion

- 2014년 1월 1일부터 2014년 12월 31일까지
- 2014년 1월 1일부터 2014년 12월 31일까지
- 2014년 1월 1일부터 2014년 12월 31일까지



- **17 Januarie 2022:** Begin van aanlyn registrasie vir voorgraadse senior en nagraadse studente.
- **26 Januarie 2022:** Begin van aanlyn registrasie vir nuweling-eerstejaarstudente.
- **7-8 Februarie 2022:** Registrasie op kampus (NARGA) vir nuweling-eerstejaarstudente op die Stellenbosch-kampus volgens die registrasieskedule hier onder.
- **8-10 Februarie 2022:** Registrasie op kampus vir senior studente op die Stellenbosch-kampus volgens die registrasieskedule hier onder.
- **10 Februarie 2022:** Afsluiting van registrasie vir alle studente (uitgesonderd M- en D-studente).
- **14 Februarie 2022:** Aanvang van die akademiese jaar.
- **25 Februarie 2022:** Finale dag vir laatregistrasie vir voorgraadse en nagraadse studente (uitgesonderd M- en D-studente).

FAKULTEIT	PROGRAM	DATUM	TYD
OPVOEDKUNDE	Alle programme	7 Februarie	08:00 – 09:00
INGENIEURSWESE	Alle programme	7 Februarie	08:30 – 09:00
REGSGELEERDHEID	LLB, BCom (Regte), BRekLLB, BA (Regte)	7 Februarie	09:00 – 10:30
TEOLOGIE	Alle programme	7 Februarie	10:30 – 11:30
AGRIWETENSKAPPE	Alle programme	7 Februarie	10:30 – 11:30
NATUURWETENSKAPPE	Alle programme	7 Februarie	13:30 – 15:00
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE	BAcc, BCom (alle programme, ook VGP's)	7 Februarie	14:30 – 16:00
LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE	Alle programme	7 Februarie	08:30 – 11:00

SKEDULE VIR ONDERSTEUNENDE REGISTRASIE – SENIOR/TERUGKERENDE STUDENTE

FAKULTEIT	PROGRAM	DATUM	TYD
EKONOMIESE EN BESTUURS-WETENSKAPPE	- BCom (Regsgeleerdheid) - BRekLLB	8 Februarie	14:00 – 15:00
	- BRek - BCom (Bestuursrekeningkunde, Finansiële Rekeningkunde) - VGP-studente volg dieselfde registrasieskedule	10 Februarie	08:00 – 09:30
	- BCom - BCom (Aktuariële Wetenskap, Ekonomiese Wetenskappe, Bedryfsielkunde, Internasionale Besigheid, Bestuurswetenskappe, Wiskundige Wetenskappe) - VGP-studente volg dieselfde registrasieskedules	10 Februarie	09:00 – 11:30
	Alle nagraadse diplomas, honneurs- en meestersgrade	10 Februarie	10:00 – 11:30
INGENIEURSWESE	- Registreer asseblief aanlyn - Stegs as jy probleme ondervind, mag jy in hierdie tydgleuf by NARGA kom registreer	8 Februarie	14:00 – 15:00
LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE	BA (Regsgeleerdheid)	8 Februarie	14:00 – 15:00
	- BA (Geesteswetenskappe) - BA (Sosiale Dinamika) - BA (Taal en Kultuur) - BA (Sosio-Informatika) - BA (Ontwikkeling en Omgewing) - BA (Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studies – PPE) - B in Maatskaplike Werk - BA (Internasionale Studie) - BA (Menslike Hulpbronbestuur) - Alle hounneurs- en magisterprogramme - Alle nagraadse diplomas - VGP-studente volg dieselfde registrasieskedule	9 Februarie	08:30 – 10:30
	- Musiek - BA (Sportwetenskappe) - BA in Visuele Kunste - BA (Drama- en Teaterstudie)	9 Februarie	08:00 – 11:00 10:30 – 11:00 10:30 – 11:00 10:30 – 11:00
REGSGELEERDHEID	- LLB - LLM - LLD - Nagraadse diplomas	8 Februarie	14:00 – 15:00
OPVOEDKUNDE	- NOS - Gevorderde Diploma in Onderwys - BEd (Algemene Onderwys) - Alle ander nagraadse programme	9 Februarie	14:00 – 15:30
AGRIWETENSKAPPE	- BScAgric (alle programme en VGP's) - BSc in Voedselwetenskap (alle programme) - BAGricAdmin - Alle nagraadse diplomas en honneurs-, magister- en doktorsale programme in Landbou - BSc in Bosbou (Bosbou en Houtwetenskappe) - en honneurs-, magister- en doktorsale grade in Bosbou - BSc in Bewaringsekologie	9 Februarie	14:00 – 15:00
NATUURWETENSKAPPE	- BSc (alle programme en VGP's) - Honneurs- en magisterprogramme	10 Februarie	14:00 – 16:00
TEOLOGIE	- BTh (ook VGP-studente) - BDiv - MDiv - MTh - MPhil - Nagraadse diplomas en doktorsgrade	9 Februarie	08:30 – 15:30

Let asseblief daarop dat die skedules hier bo voorlopig is en veranderstel dat die huidige Covid-19-regulasies nie sal verander nie, en dat geen veranderinge nodig sal raak om enige verbandhoudende risiko's te beperk nie.

Besoek www.sun.ac.za/welkom vir die programme en nuutste inligting

VERLENGDE GRAADPROGRAMME

Verlengde Graadprogramme (VGP's) bied aan gekeurde studente die geleentheid om hulle studiebasis te versterk met die oog op uiteindelijke sukses.

Fakulteite wat Verlengde Graadprogramme aanbied, is:

- AgriWetenskappe
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Ingenieurswese
- Lettere en Sosiale Wetenskappe
- Natuurwetenskappe

Sien die kontakbesonderhede hier onder indien jy enige vrae oor die Verlengde Graadprogramme het.

Alle eerstejaars neem deel aan **vroeë assessering**. Hiervoor sal jy in die eerste ses weke van die akademiese jaar 'n vorm van assessering in alle eerstejaarsmodules aflê met die oog daarop om vroeg reeds 'n aanduiding van jou akademiese vordering te kry. Dit is dus belangrik om jou van die begin af ten volle op jou studies toe te spits, sodat Vroeë Assessering 'n getroue weerspieëling van jou vordering kan bied.

Let wel: Studente wat 'n Verlengde Graadprogram volg, registreer in fakulteitsverband. Raadpleeg asseblief die kennisgewing oor registrasie wat die Registrateur van die Universiteit afsonderlik aan jou sal stuur.

AGRIWETENSKAPPE	Dr Natasja Brown nbro@sun.ac.za 021 808 2015
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE	Dr Sharon Malan sbmalan@sun.ac.za 021 808 9427
INGENIEURSWESE	Me Natalie White natalies@sun.ac.za 021 808 4360
LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE	Dr Anita Jonker axjonker@sun.ac.za 021 808 2081
NATUURWETENSKAPPE	Me Aatika Valentyn aatika@sun.ac.za 021 808 3063

AANLYN AANBOORDPROGRAM



HET JY GEWEET?

Die Universiteit Stellenbosch bied 'n aanlyn aanboordprogram aan vir alle eerstejaars. Alles wat jy oor die US en jou fakulteit moet weet, kan jy hier met 'n klik of twee kry!

Die program is op SUNLearn (die Universiteit se leerbestuurstelsel) te vind. Dit is hier waar jy as student baie tyd gaan spandeer, en gevolglik is dit 'n doeltreffende manier om jou met die platform vertrou te maak. Die volgende onderwerpe (behalwe vir die fakulteit-spesifieke inligting) word verduidelik:

Maak die beste van jou 24 uur (tydsbestuur)

Geniet 'n opwindende universiteitslewe (sukses en welstand)

Met die gety saam (stresbestuur)

Slaan munt uit in jou studie (eksamen- en studievoordere)

Geldsake (finansiële geleterdheid)

Praat, luister, lees en skryf soos 'n kenner (akademiese skryfwerk, lees, ensovoorts)

Wees die beste student wat jy kan wees (I-FlourishWell4Life-program)

In 'n uitgebreide vraag-en-antwoord-afdeling gaan jy antwoorde op vele van jou vrae oor die US vind en jy sal ook jou eie vrae kan plaas. Video's van studente wat vertel hoe hulle die universiteitslewe beleef, 'n virtuele kampoer, en inligting oor beskikbare steun is maklik bekombaar.

Klik op hierdie skakel om toegang tot die program te verkry:
<https://learn.sun.ac.za/course/view.php?id=65391>

Stuur 'n e-pos aan die aanboord-span by onboardingsu@sun.ac.za indien jy enige vrae oor die aanboordprogram het.



Vervoer op US-kampusse

Wanneer u kom tot die US-kampusse, sal u sien dat daar verskeie vervoeropsies beskikbaar is. Hier is 'n oorsig van die vervoeropsies wat beskikbaar is op die US-kampusse.




Vervoer op Stellenbosch-kampus




Vervoer op Tygerberg-kampus



TYGERBERG-KAMPUSKAART



STELLENBOSCH-KAMPUSKAART

STELLENBOSCH-KAMPUSKAART
- INDEKS